Nou 17 april het ook spoediger gekom als ons verwag het. en toen is ons op pat. Olifantsrivier was ons bestemming dus op die plaats van oom Vaani thurblans. Die zou voor mij een waagen laat maak. ons was 25 daagen op weg toen eers komp ons op die plaats. de ontmoeting was hoewel het de eerste maal is zeer goed. ons vertoef twintig dagen daar en wert als eige kinders getroetel en ver-zorg. mijn waagen was heel-maal net zoo als ik hem bestelt heb en ook die lieve weederhelf moes het bezien en goet keuren. oom vani wou glat nie hoor daarvan ons moes maar nog een paar maanden kuijer. hij zou ons dan voor een toertje naar Uitenhaag vergezellen op Kosten van hem. Dan kon ons de groote zee gaan zien en ook de scheepen dan zou oom vanni ons een pas geeven naar huis en uit-

geleide doen maar die lieve vrouwtje welde er niets van weeten. Zij verlang tog te veel naar maa. oom vanie hat zijn pret met haar jou maa het mos lankal ver jou gespeen en vergeet. ook toen ons nu maar klaar maak en begint op laaij kom hij bij maria en begint met haar rusie maak. hij zeg op een driftig toon ik het julle nou amper 'n maant getrakteer met al wat aangenaam in lekker is. en jij por maar altoos jou man aan. nop moet julle betaal vir alles in schoon harde gelt en daadelijk in-span en maak dat julle oor mijn lijn kom. die arme maria was geheel ver-schrik. zij geloof werke-lik dat ons nu in een groote moeilike posiesie was. Huil huil kom zij bij mij aan en vertelde alles. oom vannie was tog zoo verkeerd, zeg zy en wat twis hy nou met my. ik is mos nie die baas. ik wis het: oom het mij gezeg hij gaat Maria biekie terg.

Eindelik was alles geeregeld in oom vannie stel voor dat ons dan als die Heer wil en ons leeft en gezond is kan ons afscheid neem. dien aavond vraag ik zoo eewe onskuldig. oom en wat is onsse rekening nou voor alles wat ons van oom gebruik het. het is amper 22 daagen wat ons hier is, en ik wou nog iets bij voeg. maar kijk, ik het amper 'n pak gekrij. oom staat vlak voor mij en sê: kijk hier man, julle is hier als vreemdelingen en wat is die bevel van onsse Heere aan mij en aan Zijn kinders. Zeg nouw toe...... ik weet, en verstaan het goed oom. de Heere wil dat ons herbergzaam moet wees maar dit is mij plig als eerlik en dankbaar man om te weet wat ik skuldig ben niet waar? Nee nee mij seun, oom vanni het net zijn christeleike plig gedoen zooals hij aan hem zelf wil gedaan hebben niet waar maria? hart schreuwende klop Hij op haar schouder. en daar mee is alles betaal, ha! ha! ha! ha! ha! lag oom vannie en maria snik en val weer huil huil in, gloo van skrik en verdwyn in die huiskaamer...... Dit is zoo zeg oom vaani. kinders, ik hep veel plezier van julle gehat en die zal ik lank missen want julle is nou net als mijn eige kinders. ik zal zeker treur geloof mij. toe kon oom vani zein traanen niet meer keer en huil als een kind. Na lang uit gewees te zijn kwam

oom in met 'n heel klomp zakkies van linne gemaak in roep weer zijn vriendin: Maria, Maria hier oomi. Kom kijk eers hier. Zij kom uit ja oom groet zei nou die bondelkie en wat dan Oom. bring jou oom sijn Pak Kaamer zijn sleutels. nou ja toe Maria bij kom hak oom Vani in met haar. gearmp stap hulle twee bij mij voor bij. kom Klaasi kom ik gaan Betaal nou ver maria voor al die traane wat zij gestort het oor al mijn plaagerij. de deur op-gesluit stap oom vaanie voor kijk Maria jij weet nou waar elke zoort vrugte is maak nou die sakkies zoo vol als kan. elke zoort bezonders en laat jou Mannikie dit ver jou toe werk nè en daar gaat oomi vort het was 6 zakkies dus zoo veel zoorten drooge vrugten. ons had alles in overvloed. toen ons die ander dag morge in-gespan was is oom vaani en maria nog hart beezig om lemoennen te pluk voor die pat. het was een pret om dit te zien een jange bamboes zoo in gerig om de vrugten af te steek het welk hij deet in maria moes haar vorschot oopen hou om die lemoenen niet op de grond te laat val in als daar nou een op die gront val dan raas en twis hij met haar en maak een lawaai. het is waarlijk een pret gewees om die twee te zien speel ik was verplig om die speullekies te stop. anders het hule gloo die heeldag zoo aan-ge-hou. vroukie die ossen staat en wag. toe schrik oom en zeg .oo ja julle wil mos ver gaan nè? een twee drie gegroet op de waagen in vort ons was pas 'n hondert tree vertrek begroet oom vaanie ons met daverende vaarwel schoten met zijn ou Zanna geweer het welk ik beantwoord met mijn wietwort[60], ons was niet te lang uitgespan hier kom een kar, merk maria op. en het is oom Vaani wat nog eens zijn agting vir ons (kom toon). Stel u voor mijn leser of leseres zou het nu mogeleik zijn? En ziet wat nuws: een ½ anker mos-komveid[61] en ½ anker oude Pontak die het oom ver geet en hij, het ieds van Maria geruil en dit is de be-taaling wat hij beloof het. En zijn Schult moet hij betaal. Ik neem aan oom en dank hartelijk dank

60 Withworth voorlaaier geweer; 61 moskomfyt.

er voor. Nee, o, nee zij het mos betaal jong, oo zoo oom maar ik mag tog ook dank betuig al het zij en oom nou stilletjes reg-gemaak anders krijg ik dalk niks van die wijn en stroop of hoe? die lieve maria sug een benouwde zug en ziet mij onschuldig aan en toen stak oom of liever vader Stevanus Thurblans haar de hand van vriend-schap toe omhelsde maar met een tot ons: Weeder-zien mijn zoon en dogter en gaf mij een vaderlijke hand-druk: schrijf spoedig en kom kuijer aanstaande jaar weer. toe was oom Faani zijn zak-doek en ook de onse al nat van trane. op de kar en voort. mijn volkies was toen ook klaar in-gespan en ons vertrek is ook verder voort naar het noorden het verre noorden. vader en moeders huis ons ouderlijk tehuis trek ons verlangen zoo ernstig vooral die van Maria want het is de Eerste maal (dat sij) zoo ver moeder broeders en zusters was. Egter nam zij altoos haar toevlug tot mij zij liet haar alles met de grootste geduld troos-ten hoewel met groote in-spanning en hoop op een kon ik bemerken dat het haar in de ziel krenkte. de ossen loopen tog zoo stadig het ik haar verschillende maalen hooren klaagen met een fijne glimlaggie die tog ook teekenen gef van haar ernstig ziels-verlangen naar de lieve moeder. o, die dierbare moeder. zoo gingen ons vooreut eider morgen naader tot ons eindeleik haar moeders huis kon zien. toen ons omtrent 1000 treeden van het zoo zeer verlangde huis ge-nadert was greep ik mij wietwort en schiet mijn saluut schooten: ses agter elkaar...... die klomp storm toen uit toen kon mijn lieve Maria haar niet meer beheers op omtrent 100 treden van de huis spring zij agter uit die waagen ik greep haar bij de hand en ons stap toen de ossen voor-bij. toen was haar moeder bij haar. ik het nooit voorheen zoo een ont-moeting beleef. van 17 april tot 19 Juli was ons heen en thuis dus drie maanden en het was of het een jaar was voor haar.

toen is ik met een kar ook eers gerei naar mein ouderleik wooning om mijn ouders om te groeten: die ontmoeting is daar ook net zoo innerlik ge-wees. ik het voor moeder van alles 'n biekie meede ge-neem. moeder was

tog te hart-zeer om maria ook niet eers kon groet het. ik zeg aan moeder maria drink nou ik kon Haar niet loskrij van die bors en ook is zij ziekerig. ik is toen na een week vertoef te hebben weer terug. toen is ons na een maand vertoef te hebben naar ons wooning waar ons toen door vader, moeder en zuster zeer harteleik ont-vangen is. En toen begin ons eigen strijd om het Leevens-bestaan.

# HOOFSTUK VI.

Na sonskyn kom donker wolke. — Agteruitboerdery en teenspoed. — Oom Niekie se vrou kom weens hulle armoede in verleiding en op 'n verkeerde pad. — Terugkeer, berou en wedersydse herstel van gemoeds- en huislike-vrede.

En toen begin ons eigen strijd om het levensbestaan. We hadden veel vreugde maar ook zeer, ja zeer droevige dagen Doorgeworstel met zwaare ziek-ten en ook verschillende gevallen van Dood te betreuren van ons dierbaare kindertjes waar van ons toen 3 had en twee moes af-geven na lange, zwaare ziekte en toen nog in die zelfde jaar eers o die dierbaare moeder van Maria na een ziekbet van ruim drie jaaren. En toen mijn moeder en ook twee kindertjes van mijn zuster. alles in 14 maande. Toen maria haar moeder naar de graf ziet dragen, val zij flou. Zij kon die slag niet staan en van die ander dag kon ik bemerk dat maria een heel droevige stille eenzijdige houding aan-nam. tussen de doot van haar en mijn moeder wert het zeer treurig met haar zelfs zoo dat zij begint te klaagen dat zij ge-heel van God verlaaten is en dan weende zij zoo droevig en vlug van ene kaamer naar de andere de handen wringende en smeek gedurig om verzoening voor haar groote zonden: ik is, o ik is ver-looren voor eewig verlooren het is door mijn zonde wat de Heere dit alles over mijn onschuldige kindertjes ge-doot het en help tog liewe man dan stort zij haar in mijn armen, om helsde mij en druk haar zoo kinderlik aan mijn bors en stort dan een vloet van traanen dan lif-koos ik die zoo liefve reine lippen die van smarte-gevoel zoo droog zijn dat het haas breeken kan. O mein dierbare Maria kom ons kniel nu voor ons Heiland en smeek hem uw hand te willen vast houden. o ja toe tog mijn dierbare man dan bit ons zoo ernstig ik moet hartop voor bid dan volg zij mij eider woort, o die lieve-ling ik het op gemerk dat de duivel haar somtijds onder het bidden zoo bestorm en beveg dat zij

menigmaal uit roep: help O! wijk zatan mijn heiland het mijn hant en Hij zal mij voeren op een vasten rots dan is Het of zij een lig ziet maar niet te lang dan be-storm hij haar weer op een ander punt. mijn lieve moeder onder-steunde ons zeer hartelik met raat en troos. meenig maal bat moeder en Maria zeer vurig om de leiding des Geestes. Eindeleik was het tog wat over wenig en rus gekoomen. ik had het zeer ernstig gevoel bittere zielestrijd van Maria. ik hat zoo als toen nog in bebeeden van C. Mell en ook predikasie boeken van die zelde Gods-man en ook nog W. A. Brakel Reedelijle Godsdiens. daar is ons meenig keer mee geslaaft om die helsse tiranie geheel te ver-slaan. telkens kwam die schurk ons weer aan vallen maar wert dan weer verpletter door Gods megtige hand. En ons stamelende smekingen en zoo voorts. O die dier-bare Maria ik kon geen tien minute van haar gaan gedurende die vier maande als ik uit gaat van haar dan huil en smeek zij mijn man laat mij tog niet alleen en val mij om de hals gaa tog niet liev man toe tog verlaat mij niet ik kan geen oogenblik zonder u wees. Zoo was ik gekeetent door liefde, reine, ware liefde en trouw, getrouw zelfs tot de uiterste menselik en tog.........

Zoo als ik reeds boven vermeld heb na de dood van haar moeder en de kinderjes en toen volg mijn moeder plotseling de vorige 5 binnen twaalf maanden slegs een en halve dag was mijn lieve moeder ziek, inflamasie in de darmen. een week later vraag vader mij om zijn boedel reg te maaken zoo moes ik toen naar Bloemvontijn Maria was toen zeer zwak en vermagert ik praat haar om en neem haar toen mee om dan bij een goede Dokter raat te zoek de eerste is ons toe zoo mar naar ons ou vamielie dokter Dr. Krause en hij het haar goed onderzoek en alles uit ge-vraa nou ja zeg ou dokter jou vrouwtje het te veel verlies van bloet ge-hat heelmaal te veel. dit het haar zoo ver gebring, dat dit op de zeneweë sleg gewerk het ja uiters sleg en ook op di herssens maar nou is zij daar deur. Nou zal ik ver jou twee groot bottels medizijn gee Maria noem hij haar naam en kijk ge-bruik dit nou net

zoos Dokter daarop schrijf No. 1 en dan weer No. 2 een eet leepel vol 3 maal dags agter ete en als die leeg is dan is maria spek vet met roode wangen en lippies nê? En an mij zeg ou dokter kijk als jij ieds dink van jou vroutje gaat je een Lands reis maak met haar voor niet minder als twee volle maanden als je dan terug komt mij mij aan ik wil zien hoe het gesteld is. nê? goije midag in daar gaat ou dokter al, doet nou zoo Maria roep di ou nog weer agter na.

Wat anders kon of zou ons doen voor haar zou ik mijn leeven geef, maar wat doet ons met ons eenzaam vader? Geen uur voor moeders Doot moes ik pligtig beloof dat ons vader niet zal laat zwerf of ver-loore raak. nou jaa nou is ons in 'n groot be-kommer-nis wat gaat ons aanvang altwe is eewe noot-zaaklijk gelukkig kreeg ik vader zijn boedel zoo reg dat vader niet Perzoonlik noodig is. toe ons thuis kom was mijn vader al zoo Hart-zeer doet niets als huil en klaag. ik dag wel dit zal Maria weer onderste-boo druk want zij hou mij gedurig aan de Hant. met haar moet ik net mooi werk. wat op aarde moet ik doen? die aant stel ik voor aan vader of vader nie dink dat dit hom zal goet doen naar ziel in liggaam als vader voor 2 of 3 maanden gaan keujer na zijn broers en zusters in die Kolonie. als vader dan terug kom zal dit zeeker beter gaan. die voorstel geval vader heel goed maar hoe kom ik oor die bult merkte vader aan. nou wat is dan kort ik kan mos help als vader ieds ontbreek. jonge ik het mos net een paard zeg Vader. nou maar vader dan geef ik aan vader ou Dapper voor een presend. toe kon ik zien mij vader kreeg moet. hij dank toe hartelijk en vraag toen of Maria dan zal klaar maak voor hom zoodat hij Maandag kan voort gaan o ja mij ou vader zeg zij vader moet net zeg wat moet gedoen wort. vader is toen net in zijn skik. Maandag morge toen het lig wort was mijn ou vader in die lang pat naar zijn vamiele-betrekkingen. het is toen al over de 15 jaaren dat hij laats een van hun ontmoet hat.

Mijn beminde Maria wort maar weer erger ik is eider oogen blik aan haar zij ons maak toen ook met de grootste spoet klaar om ons lands-Reis zoo als ou Dokter aanbeveel het te aan-vaar. ik hat het op de plaats alles in order. de volkies was vertrouw-baar ik was toen ook bij-kans uit-ge-boer want ik kon gedurende die zware ziekte, en gedurende die 5 maande voor niets zorg. mijn lieve Maria kon ik voor geen aardse goederen van mij stooten Die kon ons weer bij-ma-kaar benrgen zoo als ons gedaan het? begreip mijn leezer dat toen de groote rampen ons be-gin te treffen. in de begin van april 1880 hat ons 1000 groot schapen waar-van ons 400 lammeren kon krijgen en in Ok-tober die zelfde jaar toe ik nou weer die over-schottel was mijn getal groot in klijn 200 54[62]. ik heb 100 Hamels ver-koop in die tijd ik moes dit al die teid voor Maria verberg bevrees zijnde dat dit haar ook nog meer kwaat zou doen wat te begrijpen is. Zo moes ik al die bittere smarten alleen draagen. ik hat het sommige dagen niet meer kunnen dragen, de lieve Heer ondersteunde mij kragtig anders was het on-moogelijk.........

Ons was toen eindelik klaar om ook voort te gaan het was een zeer lieflijke dag ons hat alles per kar en gaat toe bij Haar broeders het eers aan. 10 daagen daar en toe voort Korander-berg langs bij oom A. Van der Walt ook 10 daagen. toen naar oom Petrus Venter daar toen 15 dagen en toe voort Fiks-burg toe. En toen daar rond ook 10 dagen toe zoo maar zoo vort ieder dag een einje slaap net waar dit donker wort Winburg om en Venters-burg. daar ook 15 dagen. Tussen die ou bekende was het zeer aan-genaam. on-der die ou bekende al maal had zeer ernstig ons lot betreur en ook ernstig voor ons en met ons de lieve Heer se leiding en Zijn genade in hulp voor ons verdere levens-baan tot verheerlijking van zijn groote naam maar tog tot onze zielle zalig-heid.........

Nou ja toen was ons getroos en maria gaat toen ook goet aan. toe is ons van Ventersburg terug de 3de dag

---

62) lees: 254.

avond was ons toe weer op Bloem-vontein. die volgende morge ou Dr. Krousse gaan zien, o maar die liewe ou man kon nie ge-noeg Hant druk en geluk wens ik was glat verbaas en maak toe weer 'n grappie met die twee ik greep zijn regter-hand dank hem zeer hartelik voor die goede raat aan ons gegeeven en voor de mede-zeine zal ik Harde geld betaal mar kijk Dokter geef maria nou een druk-zoen dan het ons al drie mos tog ieds nê o ja dit dink nê? en flaps zoen die ou haar. Ka, ka,ka tes reg wat jij zek hem —hem. Maria kreeg ge-heel een roode kleur en toe was die grappies op de ent. Dokter order toe weer in geef toen weer mede-zijne voor versterking toen betaal ik in goein dag Dokter nou ja Maria pas jou goet op en als je ieds jongs hep bring laat ik zien nê?

Toen is ons terug naar die ou plaats. ons is toen oover de twee maanden van huis gewees. vader is de volgende week eers terug gekom ons was zeer verheug ons ou vader weer te kan ont-moet en in zoo een goede gezondheid. die zondaag daar op volgende was ieder gelegenheid bij de diensten u begrijn gedurende die tijd van ellende kon ons geen kerk be-zoeken vader maak ons toe bekend zein voor-neemen is om nouw weer te trouwen in ons moet hem helpen dat hij dan zijn boedel reg kreig. ik zeg toen aan vader het is alles reg vadr moet net uit betaal en de papiere laat teeken. O nou wat! moet ik uitbetaal in aan wie en waarvoor. toe ziet ik mij vader wil kwaat wort om dat hij moet betaal, ik was heeltemaal in moeilikheid ik trag toen om hem te laat ver-staan dat die Testament mos alles voor-schreef en vader het mos ooral skult die menssen wil tog ook hulle gelt hê anders zal vader nie regkom. vader moet lievers eers zelf dorp toe gaan en gaan zien zelf die Wees-Heer. nou moet ik wat het ik met die Wees-Heer te maak; vraag vader ver mij hoe dat ik nou vertel en raat gee dit help net niks toe bleef ik stil en zeg aan vader die volgende dag ik kan daar niets verder aan doen. vader wil nie luister en zoo kan ik vader nie help nie. ou vader was toe vrees-lik kwaat op mij maar ik kon niets meer doen. toen is ik

gaan werk aan-neem: een groote dam van oom Andries Venter, Kassikourie. Ik moes toe van voor af begin want ik is geheel uitgeboer. het is toen reeds een jaar geleden dat ik alles zoo moes zien verwaarloos en kon daar niets aan doen. die lieve Maria is maar weer stil ik ziet dit en ik moet trek van die plaas anders gaat mij vrouw verwaarloos.

Toen is vader naar Bloemfontijn, kreeg toe die dingen zoo als ik vader gezeg het alles in orde als vader eers al die schulden betaal en die kinders porsies uitgekeer het. dan moet die twee kinders die kinder beweijs voldaan ver-klaar en teeken, dan kan vader een Sertifikaat krijgen om te trouw. nou ja toe kom vader weer zoo terug en kom weer nie mooi praat maar somaar rusie maak ons was verplig en Laat zuster roep zei en haar man kom toen over en gelukkig kon ons toe die man om praat toen is ons naar Bloemfontein om di Sertifikaat te krijgen en die kinder bewijs te teeken zonder dat ons een kooper sent ont-vang het en ook nooit een farding ontvang het. dus ge-heel onterf. mijn overleden Moeder was geheel bemiddeld toen vader met haar trouwde, zij erfde van haar ouders veel zei kreeg onder andere 3000—400[63] morgen grond en ook 300 pond geld dus genoeg om-mede te begin.

Ik in mijn zuster moes eider 82 pond erven van Moeder en moes om vreede te bewaar die dokementen teeken zonder om een Sieleng te ontvang. vader het agter uit gesukkel. Dit het ons laater zeer hard gevoel zoo als ik reeds bovenaan ge-merk het: ik was heelmaal uitgeboer door al die tegen spoeden en ook Maria's toe-stand.

ik akkordeer toe en zet de werk aan die gang maar vader hout toen nog weer aan ons moet mee gaan om hem aan de bruit af te geven en ons belofte aan moeder die stervende smaakende moeder die het van ons vraagde deet ons besluiten om te gaan het zou die lieve Maria ook meer vertroosting bezorgen.

---

63) lees 3400.

Zoo is ons toen met vader meede gegaan en hat het ook zeer aan-ge-naam daar tussen die familie. vader is dan toe voor de tweede keer vas-ge-knoop. het was een greize vrouw. zeer gods-dienstig ook zij hat geen kin-deren. Susanna, Viljoen, ge-booren Blom. vader leefde met haar ook nog weer 21 jaaren en oover-leet in een hooge ouderdom van 75 jaaren op de plaats Wolve-kop van de Heer Hendrik Duven-age na aan Middelburg Kaap Provinsie waar ik laater 1908 die ou-de moeder een bezoek brag en ook voor het laats. zij was toe al zeer zwak. een jaar later is zij vader gevolg in de ouderdom van 82 jaar.

Nou weer ik en Maria. Op Droogevontein waar ons vader aan zijn bruit af-gegeven het is ons toen weer terug naar ons ouland, in de bloemvonteijn destrek. want het is hier ook weer zoo als de spreek-woort zeg: oost, west maar thuis het best. op die ou Plaas waar ons twee dit zoo bitter moes voel is ons toe aan-ge-rij om nog eers net een uurtje te gaan tranen stort op de graften van onsze dierbare moeder en die twee bloessempies van ons. het was voor ons zeer hard ver-scheurend. die dierbare Maria ik kon haar niet gemakelik van die graf-plaas weg krijgen.

Toen is ons naar Klipkuil om met die groote werk een voortgang te maken wat ook goet geluk is en na een jaar hart werk klaar en afgegeven is.

In die tussen tijd is ons toe weer gezeegend met de geboorte van een mooi kleijn Dogtertje op de 29ste Oktober 1882 dus hat maria weer iets om mee te speel en ook baija lief en goet op paste. En ons tijden wert on-der tussen maar eider jaar zwaar-der en moeijliker want de mens die mens naar Gods beeld geschapen die nam toe in de beschaaving of verligting of zoo als het is: ver-hardheid op de aller ellendigste on-christelijke gods-onterende leven van ongods-diens-tig-heid. lief-de-loos. leugens en bedrog. En dan die ver-ligte blinde liefde tot en voor alles wat voor God. verdoemelik is en tot des menssen eigen eeuwige verderf. en niet en kon je tot over-tuiging

bring dat het teegen Gods besluiten is; zoo ging het dan voort naar het einde die Zeer gewis voor een iegelijks deur staat. (Die jaar) 1883.

Nou jaa nou weer terug naar ons leevens-verhaal. die groote dam is toen ook af-geleevert die mooi Dogtertje en haar lieve moeder is ook op eigen voeten die twe het mij laater bitter traanen ge-kost. Laater meer daar van. Ons kreeg het maar zwaar want ons is toe geheel verarmd. ons was dit nie ge-woont. ik was van de eene groo-te werk aan de andere en verschillende maalen het ik tog-ten ge-maak onder andere naar Transvaal en terug met tabak, waar ik groote voordeel uit kon maak dog toen be-drieg mein Zwager mij, die ou sluk en doet meij 'n schade leiden van 2 05—twee honderd en vijf—rollen goede tabak. laa-ter weer 'n tog met mieles naar goeimans-berg Fauresmith de-strek. ik brag toen 115 mooi ooien thuis. ook weer schade en geen voor-spoed tot ik later die oorschiet van Hulle maar ver-koop het. toen weer naar de Ladybrand distrik. Ploeg en zaaij en ook bouw wer-ken het was 1885-'89.

Ja als 'n mens met die teege-spoet jou oogies oop maak; als je die in tree doen in die ou-tranen-dal gloo vir mij dan, al werk jij jou mors-dood: dit help net niks. dan wort die spreuk van ou Salomon die ou rijke koning ook weer waar wat zeg: dit alles ijdelheid der ijdel-heden en kwellingen des geestes. en leef in jou Zalig-maaker. maar ge-wis mijn vriend dan moet men hier leef niet als achab en zijn vrouw Jezibel net of onze Heere jou nood-hulp is. O nee mijn mede-mens God laat Hem niet be-spot. Ge-loof en onderzoek Zijn Woord, Uw Bijbel, en ziet voor u wat gij doet. zo zeker als gij de hemel, zon, maan en alles boven u ziet, zo zeker kom God als Regter u en mij oor-delen en o mijn vriend waar of aan welk Regiment be-hoort ons. Vraag u Eider ogen blik die vraag en onder-zoek Gods eeuwig, heilig Woord. Die onveranderlijke vas-te besluiten waar van Zijn Zoon zegt: Eerder Heemel en aarde voorbij dan dat er een jota of tittel kan of mag on-vervuld blijven. Ziet u, mijn vriend of is het voor u ook

maar een storie? Gewis voor mij is het ieds van de grootste ge-wig want die Woord zegt op een ander plek: God is een verteerend vuur en zoo voorts. Tot ziens later zeg ik meer.

Nou ja zoo zukkel ik en die lieve Marie voort werken en bidden en dan weer andrsom. de lieve Heer schenk ons intussen nog lieve kindertjies zonder gebreken, welgeschapen En zoo was dit toen 1 Maart 1885. Toe wert ons een Zoontjie geboren groot en vris en iets heel biezonders. want begrijp die ou tante Roep naar mij en zeg neef Niklaas waarhet jy al zoo een Lengte gezien. ik nam toen onvoorwaardelik mijn Duim stok en draf die klein jong by en leg die stok op zijn borsjie regop en kyk toe naar de zeivers. 21½ duim die lengte en praat nie van die paar Lange voete ik het zo-maar aan maria ge-zeg aa nee vrouwtje dis nie ons voete jy het zeeker fout ge-maak. ja ja dis mos Hollander voete. Die ou tante zê: loop jy is ver spot met jou Hollans ze voete. Maria lag zoo een ou pynlike laggie. ik geef haar toen hartelike zoentje en zeg ons moet maar dank baar wees het is wel-geschaapen zy was ook verlost en helemaal gezond. dis weer 'n eter meer en 'n groot klomp zorgen. die tyden werden intussen altoos swaarder maar ons klaag er niet veel over. ons hoop altoos op betere tyden. En 1888 die 29ste April schink de Heere ons weer een dogtertje ook wel geschapen. de gezin werd al toos grooter en de tyden druk harder. de groote zegen was de gesond heid die we van die getrouwe Heere ontving is die grooten vooreg en dan ik kon altoos op die ambag werken en myn kos en kleeren verdien. Metselaar, eerste klas timmerman, heel goet vervaardiger van stoelen, banken en enig soort huisraad. dus kon ik de sleutels van een gebouw aflever kompleet, alles kompleet. die baas moet net zijn eige vrouw hebben en my betaal voor myn werk. Ploegen en zaijen voor eigen ge bruik. ja die ook, en nog veeboer. ook ront werken by ieder plaas boer en zoo voort.

......toen in het jaar 1891 die 3de Junie aan ons geschonken wert een frisse, welgeschaapen Zoon. Ik het toe begint moeg wort vir die baija kinders. die zoort afvêrens

moet ons nou mee op hou ou vrouw sê ik soo eewe norsteen die ou weder helf want want......

a nee, ou man dis mos die arm mens syn ryk dom. Hulle sal dit weer vir ons terug verdien. Ons kan nie help dis die wil van onsze lieve Vader niewaar? toe moes ik maar schuld bely en maar weer ander plek soek om te werk. nouja die kry ik toe by haar tweede broer op Carmel. ik meen nou nie Karmel in Palestina nie, die plaas leg aan Leuwrivier Ladybrand Dist. En dis waar ik toe zuire Druiven ge-eet het. ik wel niet op alles in gaan, net een paar sakies ver die Leeser wys hoe bitter het is als een huis tegen sigzelf verdeeld raak. het is dan zoo gebeur ik merk Dat die Lieve vrouwtje ge heel ander begint als vrouw tegenover my als man en vader van ons gezin. ik hep te Lang gewag. Toen ik bestraf, was het reeds te laat. Zij was toen alreeds verleid en zoo ingewikkeld dat het geheel onmogelyk scheen om het te verhelpen. als zij het wou inzien en laat dan zou ik die overige reg kry; maar zij wou in geen geval ingeven. Maar vol hardde liever dan om in te zien. Het was 9 Mei 1895 toen er een verjaarsdag geveirt wert waar zy ook genood was en vol deel aanneemde. de gevolgen van dat kwade daat heb reeds op gemerk en ten strengste verbiet; maar ik moes die selfde datum te Win burg wezen dus moes ik de vorige dag van huis en bleef toen 10 daagen uit. toen ik tuis kom hoor ik net maar van die gawe dans waar zy ook deel aan neemde. ik sprak haar scherp aan en vroeg wat haar verdienste eigelik was met die gruwelen daar aan verbonden en om haar on der zulke Lage mensen te gaan be soedelen met zonden die zij tog geen siertje geluk of zegen kan over ons kinders bringen. en hoe zou zij voor haar God kan verschijnen als die haar zou roepen op een sterfbed. Zij seg dat is mijn besigheid en ver mijn plessier wat ik dit doet. Je hoef jou daar nie oor te be kommer. ik zal doen zooals het die Lekkerste naar mijn smaak val en jij doet wat jou belief. ik is klaar met julle vroome ge-zegdes en doet nou net wat ik wil. En zij stap die Deur uit. Nou toe! toe! daar sit oom Niekie nou! wat nou op die aarde aange-

rig? Zij het nou Die ulti-matum geproklameer. Dit is gewis en zeker maar wie kon dit nou gedroom het dat dit nou die zelfde vrouw (van voorheen is?) als ons nou trug gaan met haar levens-loop dan ziet ons daar een vrouws Per-soon rond kruip in die stof en smeek aan die voetten vaan haar Heiland en sij ont-ving genade Zij wert verzoend door Zijn Lief-de. Hij nam haar in zijn Liefde armen en zij riep dit uit en doet beleiednis: Uw krag wort in mijne zwak-heid vol-brag; uw genade is voor mij genoeg? Mein heere in mein god!!

En nou? en nou? wat is er ge-beur met die vrouw? hoe kan dat zijn? ja dis die krag der Zonde die Vleeselike begeertens wat zoo maak met die Zon-daar. die verleidelik-heid van die mens wat aan-por: kom gaan maar zaam, jong, ons zal nie laat jou man of jou vrouw dit hoor nie en als je nou eers een-maal die zonde ge-doen het dan... dan... dan... Ja, dan, doet 'n mens nou weer zoo een ge-loof be lijdenis als hier bo-ven ge-meld!

Ik was zoo uit mijn Posisies ge-drijf dat ik niet wis wat ik deed. Ieds moes ge-daan wort, ik gaat toen naar haar broeder en sprak met hem er over vroe-ger het ik hem reeds ge-zeg dat er ieds ver-keerd is met die vrouu[64] ik het hem toen ge-vraag om mij te help om di gevreesde te help afweeren of hij dat deed kan ik niet zeggen. zijn ant-woort toen de vrouw zoo boos op mij uit vlieg was: ja ou zwaer wat kan ik daar-aan doen? jij het Maria te veel toe-ge-laat ik het al met haar daar-oor ge-praat. Ik weet nie wat meer ik doen kan. hier moet die Lezer eers duide-lik (weet) wat haar broeder bedoelde. Hij het met drank ge-smokkel en die smokelderij maakte hij aan haar over. zij ver-koop die drank hij verschaft het dan trek sij een shilling van elk Bottel die zij ver-koop. ik wist er niets van toen ik het uit-vond was het reeds 5 maande aan de gang. U begreip hoe ontevreede ik toen gevoelde. ik beweerde dat het zijn schuld is. En nu is het niet alleen die verkoop van drank het welk zeker op

---

64) met my vrou, met haar.

niets anders zal uit-loop als tronk-straf voor haar en wat zal haar toekoms dan wezen. nou boven op geeft zij haar ook weg met die grootste klomp schurke onder Gods zon. Zij hep de laatste woensdag nag die geheele nag gedans bij ou Sarie hulle verjaars-dag die 9de, ik het haar bestraf en zij het mij (geseg) dat voor plesier is en dat het volstrek nie zal help om daar oor te lol, laat kom wat wil; nou liewers uit-mekaar en zoo reken ik dat jij[65] die oor-zaak daar van is. Het zij die drank smokkelde-rij nie ge-krij was zij niet op die dans van die klomp hoere en dronk aards. die broer ver-ont-schuldig hem ik weet niets van die dans. ik stap toen van hem weg zo te zeggen ver-stande-loos naar mijn mielli-landen die middag toen ik terug keerde hoor ik agter mij een rijtuig. ik keek toen om en ziet een kar en twe paarderuiters bij mij. een was ons wijk-poliesman en die kaffer ken ik ook: Jacob is zijn naam. Die kaffer en die vrouw het een maal rusie gehat toen beloofde die kafver haar hij zeg: dis niks al moet ik nou oor jou leuns be-taal ik zal jou an-der dag dit laat voel. hier is die kafver nou weer en dis nou 7 jaar later nou het hij zijn kans net op die regte tijd. die Pollis-man waar woon u?

Ik: man hoe vraag je nou zoo snaaks je weet waar woon ik. P. klim dan maar op dan kan u mos daar bij u huis af-klim. ik is toen ook maar blij want het is nog een heel end om te loop maar ik voel daar is ieds verkeert maar wis nog niets wat gebeurt is tot voor juffrouw Potgieter zein huis. Zoo af van di kar. ik vra nog wil julle nou uitspan of eers in kom. waar is juffrouw? binne? Nee zij is naar tante Sarie. Zeg die outste dogter. op ziende daar kom nooi Mieta, zeg die kaffer dan zal ons bie-kie wag zeg de Poliesman zig tot mei keerende. Mijn Heer Potgieter Het U een Lessens[66] om sterke Drank, brande-wijn aan volk te ver-koop? Ik verkoop geen drank! dit is niet mijn vraag: het u of uw vrouw

65) Jy: die swaer; 66) liksens (licence).

een Likssens. Ik hep geen Likssens. en uw vrouw? dat weet ik niet. met eens kwam zij toen voor-beij ons. toen zij die deur wou in sprak die Polisi en vraag of zij een Likssens hat om drank te ver-koop? neen was het antwoort. toen trat die Kerel nader en haal een Las-brief uit zijn tas en lees die voor. is u schuldig? Neen. de pollis: dan mag ik op Las van die Landdros uw huis vis-enteer en stap toen binnen of die huis aan hom be-hoorde en een trom-mel onder haar bet vont die een bottel kruije bran-de-wijn. die nam hij saam en zeg toen dat Ja-kob en een ander op die 8ste een bottel brande wijn van haar ge-kog hat en zij sal ge-dag-vaar word en daar gaat hulle oor die bultje naar die dans-huis. Jan V. is ook ge-trep door die zelf-de kaffers en die boete nie betaal kreeg toen drie maande tronk-straf. Enige dagen later krijg zij toen die dag-vaarding. ik stoorde mij aan niets behalve toen die Polies weg-reed zeg ik aan haar: ziet je dat is nou jou on-ge-hoor-saam-heid mejuffrouw, wat gaat jij nou doen. Zij gaf meij geen ant-woort; stap toen naar haar broer zijn huis en kwam toe na een lange onder-houd met hem mede te-rug. toen die bij mij kom kon je zien daar is ver-keert haar ogies was ook rood geskrij. Haar broeder het haar zeker onder die tong laat deur-loop. ik nam de houding aan of er niets ge-beurd is.

Pieter; dit is zijn huis-naam, wende zig tot mij, ou zwaer, wat gaat ons nu doen met Mieta? dit is zoo als ons haar noem. Nou ja die lezer zal nou on-partydig oordeel; ik is tot op die ogenblik ge-heel op die agter-grond ge-stoot, ge-wees sedert ses maan-den van die drank smokkel-de-rij aan die gang ge-raak is. hoe dat ik ook al getrag het om Maria te doen ver-staan dat zij ge-heel op een verkeerde pad is en dat de einde een bittere teleurstelling en een scheuring in ons huwe-lijks leven op die voorgrond stelde; ik kan hier als man volstrek net een kwartje noem van de schan-de-like daden die zij mij deed dragen geduren-de die zes maanden. ik voor zag die gehele ge-volg-en en was mag-te-loos, totaal uit-ge-stoot en

tog was ik door vader-lijke liefde zoo vas gekluistert dat ik lievers wilde sterf dan haar te ver-laaten!

want wat gaat van haar worden en zij vol-hard nog steeds, zij wil mij nog niet om vergiffenis of raad vragen, niet het minst. dit alles maak het voor mij ge-heel onmoge-lijk om verder ieds te probeer. zeg ik toen aan haar broeder. ik hep u dit te dan-ken met die drank smokkelderij. Ja zeg hij zij het niet gedoen zo als ons akkoord was en dus kan ik ook niets verder doen.

ik vroeg toen aan hem of hij ont-hou toen die ding begin het dat ik gezegd het dat ik dit nie verder zal toelaat en wat zijn ant-woort was die hij mij tevrede mede wou stellen: name-lijk als Mieta doet zo als hij haar zegt dan staat ik bij vir alles wat kan kom. Ja zeg hij maar zij het dit niet gedaan dus ken ik niet daar-voor en toen stap die man weg. ik zeg toen nog agter na: Ja man ik het dat net zo verwag. toen gaatik ook van hem. later die dag stap ik toen naar een ander Plaats, gelbooa? haar jongs-te broer woonde daar toen die mij ont-moet zeg hij aan mij ou zwaer wat is gebeurd wat skeelt? hoe lijk je dan zoo vaal? ik het hem vroeger de dingen verteld en dat mieta niet wil luister toen het ik hem net de gebeurd vertel en hij vraag toe wat zeg Mieta? ik: zij kan niets zeg zij volhart en wil niets aan mij vragen of zeg. Je weet mos dit is al over die twee maande dat zij laats met mij een rede gevoert het. Hij: en zij is maar tevrede as dit zoo gaan? ik: man wat kan ik doen die vrouw wil mij glat niet eers erken als man, lijk dit mij. al praat of vraag ik haar ook ieds zij geef mij geen ant-woort. Hij: nee, liewe vader, dit is nie reg. ik zal móre vroeg oor-kom ou zwaer dit moet anders wees. en wat zeg pieter?

Ik: van hom moet je lievers nie praat met mij. dit is zijn schuld, ik het hom dit vanmóre pat-langs vertel. hij ontken maar dis bog om nou te wil ontken. nou ja je zal dan more vroeg oor kom. nou ja tot ziens en daar trek die ou Kruis-draager. die more vroeg is die man toe oor-ge-kom om te zien wat hij ver ons kan doen. ik het niet te veel tezeggen ge-had. Christiaan het toen tussen

beide ge-kom om vreede te maak. maar die zuster van hom wil nie schuld erken nie en toe het hij beloof om te help als zij gedagvaard wort dan moet maria dit oorbring laat hei kan weet wat om te doen.

die volgende dag kom die dag-vaarding ook om te zeg dat zij op de 8ste Junie moet ver-skijn voor die Hof te Lady-brand. Zij gaat toe die middag oor naar hem en blij die nag daar. hij het haar glo toe weer goet oor die kole ge-haal en haar ge-zeg als zij nie schuld er-ken en haar man om vergiffenis vraag en trag nou beter te doen dan kan hij niets doen vir haar maar doet jij zo dan zal ik jou op mijn koste vervoer tot die zaak nou Heel te-maal klaar is en als jij dit moet betaal zal ik ook help zo ver als ik kan.

dus moes maria in-zien en kies voor haar zelf en dit moet ver haar glo een bittere vernedering ge-wees het want zij was een hart-koppige vrouwtje dit weet ik heel goed. wat in haar ziel plaats vond toen zij terug gaat van hem naar mij huis moet hard-verskeurend ge-wees want haar oogen rood ge-schrei. ik kon het zien dat zij zoek mijn oogen te ont-moeten die ik weigerde tot dat zij mijn naam noem-de. toen vond zij mijn oogen die ik weer te-rug trok. mij dierbare man o, o, mij lieve vader kan je me verge-ven. ik is verleid ge-raak. Vergeef mij tog wat ik aan jou gedaan het! toen stont zij op haar bei-de knien voor die bank war ik zit trag-te een mijner han-den tegen haar wang te wrijven. Mijn lezer plaats zig zelf hier in mijn plaats. als u weet wat ik en die vrouw door leefd het vandat ons die Eerste ont-moeting had dan het ik tog niet zo be-handeld te worden. ik kon toen ook niet mijn ge-moed keeren. nam haar regter hand rigte haar op toen viel zij mij om de hals en stortte zig in mijn arms zij schreide als een kind. Lang, zeer Lang, weende we zo met el-kander. nu begreep de leezer wat ik en Marias gedagte in di tussen poos moes zijn ge-wees

8ste Junie voor de magistraat onderzoek in-gestel schul-dig verklaart. Haar broer teken appél aan om ge-tuige te hoor. de zaak moes toen weer 5de Julie voor kom

maar die landdros bekragtig zijn vonnis: £37:10 of driemaan-de tronk. nou toe het die broer betaal en ik moes hart werk om weer aan hem trug te betaal haar broer betaal £10 en ik £27:10. dis een harde ding zooveel geld om iemand ander te plesier.

Sij het egter mooi in spoorgetrap tot haar einde. En so wil ik dit maar laten rusten waar die einde van hierdie saak aan alles een stop gaf.

# HOOFSTUK VII.

'n Historiese owersig. — Begin van die Goud Oorlog. — Op kommando. — Grootpraters en manel- en swartkyl-offisiere. — Oom Niekie word Laër-kommandant. — „Doen aan 'n ander soos jy aan jouself wil gedaan hê." — Een van die redes: waarom ons die Goud Oorlog nie kon wen nie.

En nu moet ons met ieds anders beginnen. ik woonde toen op Thabanchu. het was 1899 october 2, wert ons gekomandeert op las van onse regeering en Die van Transvaal. ons regering en die van transvaal hebben trouw gezwooren aan elkander en dus werden wij namens die eed van trouw op geroepen om Engeland te bevegten met de hulp van onse God en Koning. Het was een strijd om ons eigen onafhankelikheid en zelf bestaan die door die lieve Engeland aan de Avrikaander niet gegund werd. Zo-als Die leezer ook zelf weet wert ons voor vaderen ver-volgd van 1710 uit Frank-rijk verdreeven om hun geloofs wille. die Hugenooten en een ander deel uit Holland. lees slegs onse geschiedenis hoe de Kaap de Goede Hoop zijn ontstaan het die Trek van Jacobus en Hendrik Potgieter in het jaar 1799 en laater de Slagters-nek moord door Engeland ge-pleeg op die africanders en laater weer die groote Trek door H. Potgieter, P. Retief en Trigaard en zoo voorts. toen weer die stroop-tog door Engeland gepleeg te Boom-plaats waar de Engelse een neer-laag leed. Later weer de Bazoetes op-ge-hits teegen de Vrijstaats Afrikanders en de gevolgen daarvan en kort daarop die rooferij van onse Diamand velden 1868. toen weer van Natal probeer om in te val bij Schunshoogte. De transvaallers geef hulle een goede Pak slaagen 1882[68] Kollies Kop[69] later weer Jameszon[70] 1896 en ein-delik ons ver-Enig Zuitafrikaanse strijd voor vrij-heid en Reg en die door de Engelsen eider-maal mis-kend word. ze hadden

68) lees: 1881; 69) lees: Amajoeba; 70) lees: Jameson Inval.

ons nu ge-noeg gebeleedig. Te waapen! nu afrikaans volk voor vader-land en voor reg. ik kan slegs een ver-slag doen voor zoo ver ik betrokken was in die strijt en ook wat ik ontvang hep van twee getrouwe vrienden uit hun dagteekeningen[71]. en dan kom ons op die twee datums Oktober 2 en 8. Die eers-te datum vertrok die Thabansjoe kommando waar mijn outste zoon ook mee vertrok in de rigting De Wetsdorp met ons hoof offisieren. 8 oktober moes ons distrek nog 100 manen leeveren en toen kwam oom Nikie ook aan die beurt. hoe wel ik verlof kreeg om eers die huisbouw onder kontrak. Ik wilde klaar maken. dan kon mijn famielie tog daar op leef en die eige-naar hat dan ook zijn werk in bezit. maar was niets aan te doen dus moes ik van die begen af klagen oor die onreg mij aan-gedaan. daar is nog geen Engelsman die naaste van hulle was in durban of in die Kaap. Nou ja ons vertrek in di rigting bloem-von-tijn. met een klompie waans. ons veltkornet kies ons voor dat ons thabansjoe ver-laat: burti Hugo en hij stel oom Nikie als lager kommandant aan wat ik toe maar aanvaarde. dan is ik mos tog ook en offisier. de 10de Oktober gaat ons bloemfontijn lings voor-bij waar ons hoof Lager toen ge-kamp staat. Toe was ik in burtie sijn tijd om want daar is toe al die groot offisiere zoals Neef Japie K., Veltkornet, en oom Jan S. Kommandant en neef Chris. de Wet, assestent Veldkornet nie ons gevierde C. R. de Wet nie, die ander ou lafharkie en oom J. de K., Lager kommandant. Oom de Klerk vraag hulp: die laer is te groot. Hij kan dit on-moontlik nie behartig. die ou beveel weer vir neef Nikie aan en dit wort toe-gestaan. maar keijk die averkaner volk het nie tijd Hulle is kort kort aan oom Jan en neef Japie se lywe: ons moet trek vorentoe; ons lê nou net ver-niet hier langs die spoor-lijn en als dit nie gebeur dan moet de President vir oom Poul bedank laat ons dan maar huis toe gaan.

Oom jan S. en neef Japie K. het baja moeite

71) aantekenings.

om die mense te keer hul wil net vorentoe, en toen gaat die offisiere bloemvontijn toe om die krijgsraad te raadpleeg en die verzoek van die Burgers voor te lê aan die presedent, nou ja, hulle kom toe de aand terug met die instruksies van die Hooge overheid om voorentoe te trek.

Onsse veldkornet klim toen op die plat-vorm-kie in de middel van die lager. hij hat een van die polies fleutjes, hij blies toen op die trompet. En die afrikaner volk is soos buskruit om die platvorm hij lees toe eers een telegraam voor: generaal P. Joubert is slaags ge-wees met die rooinekke en het hulle een neerlaag bezorg. toe was die burgers on-keer-baar en de order van die groot ooverste; voor waarts al langs die spoor lijn in di rigting......" oom Jannie de K. kreeg toen orders als die zon môre vroeg zijn koppie uitsteek dan moet die Lager vertrek. hij geef toen weer bevel aan neef Nieki en zoo moes ieder drijver en lijer[72] hulle span ossen vas bind aan zijn trek-goet soos ons dit noem. en dit was ok zoo oom de Klerk was net op di regte plek: wakker beleef en streng en die oom het ver jou 'n sambok. zijn naam roep hij aprig en hij ufluit net gouw oor die outa's [73] als daar vout ge-maak is.

En zoo was ons ook aan die trek toe die zon uit steek in de oosten toen trek ons streep. ik dag toen aan mijn ou oor-groot vader se trek wat ik in de jaar 18 bedoel het. die onder-skijt is darm groot want toen het die voor-ouers van die Kaap af tegen Noord op ge-vlug ver die beskaafde nasie wat ons nou weer natoe trek. Want ons trek mos nou weer Kaap toe zeg die Dapper vegs-mense zoo als oom A. De lange en A. Pelzer en Fredrik S. en zijn zoon en ook ons Veldkornet en nog meer van die kerels met die manelle en zwart kijle............

Mijn geëerde lezer zal die name onthou, ons sal oor eenige maande weer die name hoor en dan zien hoe die kat in die boom sit of hoe hij daar dit is. ik voor mij hat

72) louleier; 73) die outa's: drywers en touleiers.

een gehele an-der in-zig oor al die zoorten van lig-sinnigheden die gedurig toe neem en soms ondraag-lik werd en dan al-toos onder de ruwste dingen breek hulle sommer af en dan weer bidstonde! dan zal 'n mens nie wil glo dat die vuil praters weer die voor-bidders is. dit het mij so seer ge-maak dat ik volkome ge-loof het Dat onse goede en regvaardige zaak die ons gaan beveg nie kan geluk. Onse God laat sig niet bespotten of voor schild ge-bruiken. mijn ou vriend, J. de K., was van die-zelfde gevoelen.

Nou ja nou weer bij die laer wat aan trek is. die paard kommande is al-toos voor op die spioene. als daar misschien een vijande-lik perzoon ver-skijn om die te vang. En ons was nog geen 7 mijl van waar ons in-ge-span het of uitspan is de order. ons moet weer wag op orders. Ons rus toen weer daar ag dagen. de order kom toe gelukkig ander was ik bevrees dat de heel Burgermag op eigen ver-lof huis toe zou gaan. iemand het ge-rapporteer en toe moes die assestent veld-kornet die mans-schappen tel die gevolg is daar makeer 9 burgers en dit nog al almaal jonge-trouwdes of die wat net ver-loof ge-raak is of een 3de of 4de wat zijn verloofde nie gegroet het. Nou ja ons is dan nou weer aan die trek van Vlei-vontijn naar Kafferrivier Statie. toe kom die klomp weg-loopers een ver een. daar was geen straf. nou weer 8 dagen rus toen kom oom P. F. ou Kommandant met de Boven Modderrivier-burgers net dig bij ons kampeer, voor een paar daagen, maar kreeg toen order om te ver-trek in de rigting van Jakobsdal of zoo iets nou kijk hier oor was Die ou Barollongs tog alte kwaat want hulle maak nou regtig rusie met Japie. Reken tog een van hulle zeg vir hom die móre op die vergadering: julle hou ons op die spoor en die ander mensse skiet die Laas-te Engels-man dood voor ons on-der schoot is die vel-kornet lag net en zeg niks ik sê toe vir die man: jij weet nie wat jij praat: ik Dink jij sal ge-noeg krij as jij nie dan ook huil en wegkruip en as die velkornet jou onder sambok krij dan zeg lij ook aan hom soo kerel huil Jannie. maar velkornet

moet tog ver Marthie se hoe een bittere doot ik moes deur gaan. Alla, maar kijk die burgers skreuw soos hulle Lag en die man wou mij op eet. toe moes ik maar retireer om nie sla te krij nie. en toen is Jannie weer bloemfontijn toe en kom toe die vol-gen-de dag met die order: Voor-waarts. Vroeg die volgende dag trek ons lager weer, nog al die tijd langs die spoor. Holt weer op de plaats van D. Marais, Vlak-vontijn. wagten wort toen uitgeset: 'n mens kan nie weet jij moet nooit jou vijand te gering ag nie vermaan die order van Japie. Volgen-de dag voorentoe tot aan Rietrevier bij de brug, ieder aant gere-geld wagte uit. na eenige dagen Piekenie gehat te hê weer vooruit tot op die Dorpie Edenburg. ook hier het ons een paar dagen ver-toef. ik het toen Ds. P. de Toit toen gaan bezoek en ons het toe rêrig die zaki ernstig bespreek. die Eerwaar-de gods-man deel in de selfde gevoelens die ik heb. toen ons sou ver-trek het hij ons kom dag sê en vir ons tot God ge-bid. Later heef hij ons weer bezoek aan Groot-revier met Nuwe jaar. Laater daar van ieder week. Nou ja toe nou weer voorwaarts al langs die spoor lijn tot op Springvontijn. toe lager trek en weer die platvorm in de middel van die kamp. ieder dag moes die brandwag-ten uit om te waak voor de veilig-heid van het laager. toen tiet! tiet! tiet! tiet die veldkornet zijn fluitjie: burgers bij elkaar! en op die preek stoel is die neefs en dit is namelik neef Jan, broer Jakop en boet Crisjan en nog en ander oom met 'n snor wat jij agter zijn kop kan vas knoop. die ou Volk raas en gesels brom en Lag, en dit vraag net wie is dit daar ons ken hom nie? En soo sou hulle nou nog aangehou het as Jan Stijl nie op een verwoedende, beslis-te toon stilte ge-kommandeer het nie. „Burgers! roep hij, kijk nou wil ik die Groot man aan jullé voorstel dit is meneer E. G. een van ons Volks-raads lede en die regering het hom nou benoem als hoof kommandant om die heele Kaap Kolonie te gaat vat en te proklameer en is die burgers van thabansjoe nou te vrede? hij is die regte man op die regte Plek. hoeraaaa! hoereeeeij!......... nou ja toe is meneer

snor ag ik meen meneer G. aan die woord en Leewer 'n knappe toe-spraak. ik zeg aan mij ou maat as die man zijn hart net soo goed is as sijn snor en zijn bekkie dan sal alles reg kom. mij ou vriend knik toe-stemmend maar seg niets, be-halve: ik wil eers zien.

Nou wil ik eers weer mijn Leezer 'n biekie aan die hand neem en bring op ons Christelike plig-ten als een volk die roem op ons Christelijke leven en godsdiens-tigheid. ik veronderstel die wag-woort uit ons Bijbel, gods bevel: Doet aan een ander zoo als ja aan u Zelfs gaarne wilt ge-daan hebben, ens."

Ik en mijn vriend kom toen voor die deur voor die Statie Springvontijn en wat moet ons zien. burgers kom ons tee-gen met arms vol goed en weer andere bondels in kom-baarszen alles uit de winkel van een winkelier die oover de grens is gegaan om dat hij beswaren hat tee-gen zijn nasie te vegten.

Die eerste Trekers het uit die Noordelike grenswereld van die Kaap Kolonie gekom. Een seksie van die Vastrappers van later dae, was die Doppers wat J. Murray in Book I vir ons geskets het. Hulle was veral die voortsetting van die historiese lyn wat by Van Riebeek begin het en wat versterk werd met die Franse vlugtelinge. Hulle was altyd goed te onderskeie van die ander deel van hulle volk, wat grotendeels veral uit die eerste dorpe en binne distrikte gekom het.

Dit is darem nie te sê nie dat alle Grensboere strenge Kalviniste of Doppers was nie. Neem, b.v.b. die geval van Loius Trigardt. Al het hy baie geisoleer geleef, selfs jare onder Kaffernasies, niemand sal hom 'n strenge Kalvinis kan noem nie. Maar hoewel Trigardt 'n rowwe man was, wat met 'n ewe rowwe trekgeselskap waaronder „Albach en zijn basters", en wat seker die oorsaak was dat die Trigardt en die Van Rensburg trekke nooit eintlik heeltemaal gealgemeer het nie,—tog toon Trigardt op hulle gedenkwaardige Trek b.v.b 'n hoogstaande eerbied vir God se ordinansie van die Sabbatsrus. Want hulle [illegible] meestal Sondags stil, en als dit nie anders kon weëns dringende omstandighede, dan maak hy byna altyd melding, waarom die dag op Sondag getrek of gewerk moet word. twee keer het hy beslis geweier om op Sondag te werk. Eén keer op bl. 268 van „Trichardts Dagboek" skryf hy: „Sondag 17 Ds. 1837 „Heb Botha takken gesleep; ik

zei dat ik ten eenemaal voorgenomen heb Sondag niet te werken''. (Sien ook bladsye 136 en 196 van dieselfde boek).

Daar was dus 'n seker onderskeid tussen die Trekkers van die grense en tussen die wat uit die binnedistrikte gekom het. En dit was veral hierdie onderskeid wat deurgewerk het b.v.b. op 2 Desember 1836. toe Mariz bo Potgieter verkies werd, hoewel hy nie die militêre bekwaamhede van Potgieter had nie, al was hy dan ook 'n meer geleerde en ontwikkelde man. Ook op 17 April en 6 Junie 1837 (toe Potgieter totaal geignoreer werd). het hierdie onderskeid duidelik deurgewerk. Dit was hierdie onderskeid wat ook deurgewerk het, veral tydens die Burger Oorlog van 1862 en '63 en in en met die Dorsland Trek.

Maar — aan die anderkant is dit ook 'n onomstootlike feit, dat behalwe by die Dopper seksie daar tog ook deur heel ons Volk, als Volk, soos reeds gesê, van tyd tot tyd dinge gedaan is dade verrig is en persoonlike optredings en handelinge plaas gevind het, deur heel onse Geskiedenis deur, wat net aan die Kanvinistiese grondtrek, wat aan heel ons Volk kan toegeskryf word, te danke is. Dade, volksuitings is daar genoeg wat klaarlik aantoon: daar lê 'n goue streep van Kalvinisme deur heel ons Vaderlandse Geskiedenis.

En als ons onse Geskiedenis in die lig van die aanhalings van hier bo aan onse hoofstuk beskou, dan sal ons 'n ander kyk kry op meer als een gebeurtenis in onse volksgeskiedenis. Dan verstaan 'n mens meer als een handeling, daad en volksuiting wat soms tot hede nie reg beoordeed werd nie. Dan word dit b.v.b. duidlik hoe 'n anders ons volk goedgesinde skrywer, als Voigt, fiasko kon maak in die ergste graad toe hij b.v.b. die gees van die Groottrekkers, op 2 Des. 1836 met die gees van die Franse Rewolusie van 1795 kon vereenselwig. Dan verstaan 'n mens b.v.b. hoe dat 'n Trekker als Piet Retief,—wat ten owervloede met Engelsman omgegaan het in teenstelling met Andries Hendrik Potgieter wat so te sê nooit met Engelsman in aanraking gekom het nie— trots alle teeninvloede hom

kon vertoon als Kalvinist, als hy onversaag vir Dingaan skryf in sy brief van 18 Nov. 1837 aan die s.g. ,,Groot Olifant'', die Barbaar van die Ooste en aan hom verkondig: ,,almaal, dit sy wit of swart, wat Gods Woord nie wil door nie sal nooit gelukkig wees nie!''

Dan word dit ook bv. duidlik deur Theal, Cloete en andere gewraakte teregstelling van Tamboeza (en Kombazana) geen ,,vlek'' op die goeie naam en faam van die dertiger Voortrekkers was soos dit voorgestel word*, maar dat dit was 'n ernstige strafuitoefening van 'n regvaardige vonnis op 'n aartsmoordenaar wat saam met Dingaan verantwoordelik was vir die bloeddorstige moorde van Retief en sy dapperes, en van honderde onskuldige en onweerbare slagoffers, wat in koue bloede so wreedaardig moontlik vermoord was in die Treklaers wat net pas oor die Drakensberge Natal ingekom het. Dit was met Tamboeza net uitvoering van Gods ordinansie van die doodstraf vir die moordenaar. Gods heilige ordinansie gehandhaaf en verhewe deur mense vir wie die Bybel die rigsnoer en padwyser van heel hulle lewe was. Gods ordinansie: ,,die wat 'n medemens se bloed vergiet — sy bloed sal ook geëis word'', verhewe bowe die mooi praatjies van die mens soos dit die geval in die laaste halfeeuw was in moderne Europa (veral Frankryk, die Nederlande (behalwe by die streng Kalvinisties deel van die volk) en in V.S.v.A. Hierin, n.l. die handhawing van die doodstraf staan die Engelse volk die naaste aan ons Volk.

Als 'n mens, om vort te gaan, rekening hou met die algemene Kalvinistiese karaktertrek van ons volk, dan verstaan hy beter hoe wat Theal b.v.b. skrywe van die optreding van gen. A. W. J. Pretorius toe hierdie vonnis op Tamboeza geval het n.l.: ,,Toe die vonnis geval het, het mnr. A. W. J. Pretorius met die (twee) gevangenes gepraat oor God, die Almagtige Heere voor Wie Syn regterstoel hulle spoedig sou moes verskyn''. En ook waar Voigt verhaal van Pretorius se optreding met Panda. Daar praat hierdie skry

* Sien Noot IV in Aanhangsel.

wer van Pretorius se ,,Sermon of the Rock'' (Pretorius se Bergpredikasie.)

Slegs hier en daar aanstippende sekere geskiedkundige feite wat later deur andere na ons breedvoerig sal uitgewerk word, wys ons net in die verbygaan op die versoening van Potgieter en Pretorius. En toe die land, ongeveer 'n tien jaar na hulle dood in ramp en ellende gedompel was deur swakkelinge van Voormanne — swakkelinge in vergelyking met kranige dertiger volksleiers — swakkelinge van voormanne, waarvan daar was wat hulle eie belange ver bo die algemene belange geplaas het, toe was dit die Kalvinis Kruger, wat met sy mede vastrappers vir orde en wet, onder God's genadig bestel weer orde en rus in die land kon bring. Orde en rus wat so tydig moontlik gekom het met die oog op die Barbaar gevaar wat nie te lang daarna die verlating van Skoemansdal of liewer Soutpansbergdorp bewerkstellig het. Een ding is seker vir so ver ons kortsigtige menselik blik kan sien: was of genl. Potgieter of genl. A. W. J. Pretorius nog in lewe dan het sake nie so ver geloop dat b.v.b. Suotpansberg-dorp verlaat moes word nie.

Neem die geval van President Burgers. Met hom het 'n mens te doen met een van die mees tragiese figure in onse Geskiedenis. Opgegroei op 'n Boerplaas op die Karroo vlaktes, werd hy deur sy vader wat dit goed met sy seun bedoel het, weggestuur naar Holland. En, ter kwader ure, naar een van die verkeerdste adresse of lees Universiteite, waarheen 'n Afrikaner seun ooit kon gestuur word. En — Burgers het teruggekom, volleerd, maar verlore vir sy familie, vir sy kerk en sy volk. So selfs, soos ons verhaal is, dat sy eie vader hom nie verder wou hoor preek het, wetende dat, wat sy seun verkondig vir sy vader en sy volk 'n gruwel was En toe is die Burgers, deur sy vrydenkery ook 'n mislukking geword als predikant. Daar in Transvaal had meer als een vooruitstrewende inwoner die oog op die mislukte predikant gevestig. Hier te lande was die landsake vir die meeste deel op 'n mislukking uitgeloop, weens die papbroekrigheid van 'n

president wat hoogswaarskynlik nie langer als vyf jaar die presidentsstoel moes ingeneem het. En toe is die land van die een uiterste maar die ander ene verval. Predikant Burgers werd President Burgers. En Burgers had veel voor toe hy sy taak begin het. En — van die staanspoor af het hy dit goed gemeen met die Land en Volk waaroor hy die hoof geword wâs. En in die paar dorpe van die land veral, het die mense mekaar toe geluk gewens met die aanwins van so 'n president......... Nou sou sake anders geen gaan lyk, nou sou sake regkom. — En...... onderwyl het van die beste ingesetene van die land hulle dadelik na sy verkiesing tot president, gaan klaar maak en gaan bymekaar staan by die Krokodil rivier, om so lang vir die nog aankomende mannebroers te wag. En toe het hul van '74 tot '76 die wonderlike rampspoedige Trek gaan aanvang en dusdoende hulle Volk en Vaderland vaarwel gaan sê. En waarom? Wel soos Theal ons verhaal: Hulle het gaan trek en die land gaan verlaat omdat hulle daarvan oortuig was, dat Gods seen nie kon rus nie op hulle vaderland, solang daar 'n vrydenkende president als Hoog van die Staat geageer het. En hulle het liewer gaan trek als onder so 'n hoof te staan. Het hulle Bybel hulle nie ten owervloede geleer: dit het met Israel net goed gegaan onder godvresende konings? En Burgers?...... Burgers het homself ......... hoewel hy intusse die regering aanvaar het met goeie bedoelings. Hy het verbetering op verbetering inkevoer, party waarvan goed en nodig was; party waarvan die tyd nog nie ryp voor was nie. Was die land van tevore sonder skuld, behalwe 'n som als sekuriteit vir die Goewernemente Note, wat tydens sy voorganger se bestuur maar 'n baie klein wisselkoers werd was, grotendeels deur antipathie van die Uitlander Bevolking, onder Burger se regime het dit anders geword. Die Land het in skuld geraak en sake het al meer en meer verkeerd geloop. En tog was Burgers alyd con amore, opreg en goedbedoelend. En eindelik het die doodslag gekom: di Sekokoenie oorlog. Inplaas van in Pretoria aan die roer van Staat te bly en sake in beproefder

hande als die van Paul Kruger te laat, het hy self gaan deel neem aan die veldtog. En... die beproefde Kruger, stug, misskien onnodig te stug teenoor Burgers, wat egter deur sy veragting en laatdunkendheid neergesien het op die ongeletterde Boer, grotendeels oorsaak was van die verkoeling — en Kruger bly agter en die verkeerde persoon gaan front toe. Burgers het toe uitgevind die veldtog was geen pieniek nie. En gou gou het die verdere ontnugtering gevolg. Na die eerste mislukte probeerslag om die berg te vat het baie burgers hulle waens ingespan en huistoe gegaan. Ja huistoe terwyl Patria in gevaar was. Huistoe terwyl én Burgers se prest'ge én die vaderland se onafhankelikheid op die spil gestaan het? Want Burgers het dit goed geweet: word Sekokoenie nie onskadelik gemaak nie dan sal Brit tussenbei kom en die onafhanklikheid terugneem. En daarom het hy toe daar gaan staan oreer en mooi praat. Alsof praat, alsof woorde in so 'n fase kan help. En hy het gestaan en praat en oreer en soebat! Maar die mense het nie wou luister nie. ,,Ek het gesien hoe die trane langs sy wange en langs sy lang baard afloop. En die trane was geen mooi gesig nie. Maar alles te vergeefs, sekere mense het omgedraai en huistoe gegaan en Burgers se nek was af.'' So het die woorde van 'n geloofwaardige verslaggewer wat ons inligting gegee het, gelui. En ons, die skrywer, was ook ontroerd gaan word. En dat uit jammerte vir Burgers. Arme Burgers, dit was eintlik nie jou skuld dat jy so op 'n mislukking uitgeloop het! Als goeie bedoelings kon tel, dan was jou bestuur seker 'n sukses gewees. Maar jou mislukkings moet gewyt aan jou moderne, vrydenkende en liberale onderwysers en professors. Jou liberale leerare, liberale professors, liberale lektore wat jou weggevoer het van jou voorvaderlike Kalvinistiese omgewing en tradisies. Jou leerare en professors, op wie se hoofde jou mislukkings moet gewerp word. Arme Burgers, jy het geoes wat hulle en jy gesaai het. Wat die mens saai dit sal hy ook maai. — En toe het ons Burgers jammer gekry. Immers: was hy nie steeds ywerig op en doende, terwyl sy flegmatiese voorganger veral in die laaste ja

*Vir bl. 205 van Vastrappers I*

## ERRATA.

1e.—**op bladsy 196 lees: Noot II, Ou Grootjie se stuk en Noot III Aanhangsel.

2e.—Vir Noot III bl. 198 lees: Noot IV.

3e.—Vir Noot IV lees: Noot VI (oorspr. Noot V).

4e.—Voetnoot (oorspr. Noot V) behorende by end van eerste paragraaf op bl. 205 van Vastrappers I.

Van President M. W. Pretorius se loopbaan gedurende die laaste jare van sy presidentskap kan 'n mens nie veel goeds sê nie. Die minder bevoegde persone waarmee hy hom laat omring het en aan wie hy wellig te veel sy ore uitgeleen het was grotendeels in ooreenstemming met die Uitlander seksie van Potchefstroom, Pretoria en die meer of min halfdosyn ander dorpies van die land wat nog gerugsteun werd deur geesverwante in die Kolonie, O.V.S. en Natal. En die grootste gedeelte van hierdie Uitlander seksie het byna altyd min of meer onsimpatiek, indien nie krities gestaan teenoor Boer en sy regering. En......... hierdie seksie was die nucleus van die later Uitlander agiteerders wat ongeveer 'n kwart eeu later op die Rand en elders met hulle ten uiterste gedrewe kritiek en agitasie die Goud Oorlog in die wereld geroep het, waardeur Boer vir die twede maal sy Republiek moes verloor. Ook hier en ook met die houding van die Uitlander seksie tydens die Lydelik Verset en die driemaandelikse oorlog wat daarop gevolg 't in 1880, lê die Hede en die Verlede! Al daardie baie getokkel van hierdie seksie op die snaar „Federasie" van Pres. Pretorius se dae was maar net om die twee Boer Republieke dood- —en dus rooigeverf—te kry! En President Pretorius het die bedoelings van hierdie seksie nie naar waarde deurgrond nie. In die krantjie van Potchefstroom van 20 September, 1871 kan 'n mens o.a. lees: „Het algemeene gevoelen is de tegenwoordige (pasgekosen) Volksraad de beste is welke we sedert jaren had. De Europeesche (lees Uitlander) en verlichte gedeelte heeft de overhand en groote veranderingen worden verwacht binnen weinige maanden om gelijken tred te houden met de ontwikkeling van ons zoo rijk en veelbelovend land."

In die volgende no. van dieselfde krant—27 September 1871—kom als hoof van die inleidings-artiekel voor: „Zal de President zijn betrekking neerleggen?" en dan word sekere Harding, Hoofregter van Natal, aanbeveel als sy opvolger. N.B. 'n Deel van die Uitlander seksie het selfs elders aanbeveel dat Harding maar moes a a n g e s t e l word als opvolger van Pres. Pretorius! Dit is maar twee uit baie meer staaltjies.

Dit gaan ons baie swaar om historiese persone, wat Land en Volk gehelp opbou het te kritiseer. En daarom is ons so bly dat ons in Vastrappers IV ('n historiese roman oor die dae van '77—'81 wat

ons al in 1898 klaargekry het in Hollands) waar Pres. Pretorius, ontdaan als hy destyds was van sy vroeëre verkeerde aanhang, daardie tyd van sy loopbaan gekroon het met betere dinge als wat die laaste jare van sy presidentskap laat sien het. In daardie latere jare met die Lydelike Verset en als lid van die Driemanskap, toe hy hom b.v. onregverdig in die tronk laat sit het deur die Engelse outoriteite en daardeur getoon, dat hy die seun van 'n Vader was, wat onomkoopbaar was waar dit die belange van sy Volk en Vaderland gegeld het! Toe het hy hom als ware Vaderlander betoon.

re van sy bestuur sake te veel die loop gegee het en ander minder bevoegde persone gebruik het in die bestuur van die land?

Neem die episode van die Burgeroorlog van '62, 6 en begin '64. Lees wat Theal ons meld van die dade van Stefanus Schoeman, van 'n Jan Kok, van 'n Jan Viljoen. Neem selfs in aanmerking die optreding van president M. W. Pretorius; veral waar hy hom uiteindelik, nadat sake in '63 geskik was in Jan 1864 by die openlike verharde rebelhoofde, wat net op eie voordeel en winsbejag uit was, kon aansluit, en sê dan, als daar in daardie dae nie 'n gaaf gesonde Volkskern was nie wat sou dan van Boer se Nasie en Boer se Republiek geword het was dit nie dat de vastrappers onder die volk met die Kalvinis Paul Kruger, nie ferm opgetree het nie,—waar sou dan nie al die voorgaande opbouwing wat in en na die Groot Trek se dae bewerkstellig was nie terneer gestoot en verydel geword het nie! Daarom is dit nie moeilik om te begryp dat die orderliewende deel van die volk, die gesonde Kalvinistiese kern, wat naar God se ordinansies leef, en wat in die handhawing daarvan geen mens bo God vrees nie, — daarom is dit nie moeilik om te verstaan waarom die Vastrappers onder Kruger nie kon stil sit en gedoë dat woeste opstandelinge, so ligvaardig die allerheiligste belange van die Volk kon vertrap — en dit terwyl hulle geheel omring was van Barbaar, aan alle kante! Vandaar dus — die verset in die Burgeroorlog, wat ten onregte so baiemaal verkeerd voorgestel werd. Gelukkig daar was gewapend verset, daar was redding van totale wetteloosheid, van Chaos!

Neem die geval van die Dorsland Trek ongeveer twaalf en 14 jaar later. Dieselfde gees wat verset veroorsaak het teen wetteloosheid — dieselfde Kalvinistiese gees het toe nog geleef in die sewentiger jare. Thomas F. Burgers, die afgesette vrydenker was predikant-President geword. En sodra was Burgers — wat wel die meerderheid van stemme had, maar wat nooit één enkel dag die Volk als volk agter hom had nie — nie gekies nie of 'n deel van die Vas-

trappers het begin klaar maak om die land, die land deur hulle Vadere aan hulle nagelaat als 'n erfenis, te gaan verlaat en Noordwaarts te trek om op hulle beurt weer 'n beter Vaderland te gaan soek. Immers: die skrik was op hulle harte geslaan nou dat Burgers President was. Immers: hoe kon hulle of iemand ooit Gods onmisbare Seën van Bo afbid of verwag op 'n Hoof van die Staat wat sonder God of Sy Gebod geleef het en wie die dierbare Geloof der Vadere 'n saak van dwaasheid was? Hoe kon hulle ooit Gods onmisbare seen verwag waar so 'n man hulle President geword het. En daarby: agter Burgers het hulle klaar en duidlik Brit en sy vlag gesien staan. Ja, hoe wonderlik fyn, hoe instinktief fyn was die voelhorings van daardie, hulle vaderland verlatende burgers. So lang als die Tweede Trek by die Krokodikrivier gestaan en wag het op ander aankomende Trekkers, solang was die planne vir die Anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek in Kaapstad en Londen al in die maak om te gaan uitvoer wat die mense deels juis voor gevlug het. Immers: omtrent agt maande voor die Tweede Trek die ,,Dors'' ingegaan het was daar al twee stoomskepe op see van Kaapstad naar Durban gevaar met soldate en Theophilus Shepstone aan boord om die Z.A.R. te gaan inpalm. Van hierdie ekspediesie staan die volgende te lees in die lewens-beskrywing van een van die edele Britte, wie se naam Hollands Suid Afrika altyd sal seen n.l. Sir William Butler. Op bl. 195 Sir William Butler, An Autobiography staan die volgende lees: (Vertaling). ,,'n Wonderlike ding het toe Sept. 1876 gebeur. Die stoomboot wat Shepstone vervoer het en ook die transport stoomskip, wat die soldate vervoer het, het altwee skipbreuk gely op die Suid Afrikaanse kus veertig of vyftig myl van Kaapstad af. Op hierdie manier werd die Annekrasie van Transvaal — waartoe al besluit was vroeg in September 1876 — vertraag vir enige maande deur hierdie onvoorsiene gebeurtenis.''—

Ja, hulle het juis gevoel en gesien. Agter Burgers het hulle Brit gesien staan. En daarom het hulle op nuwt

gaan probeer om die Pogieter-gedagte: weg van die Engelsman af, weg sover moontlik te gaan uitvoer. En toe het hulle die wonderlike rampspoedige Trek gaan maak wat 'n lange ry graftes laat lê het agter hulle aan van die Limpopo tot in Angola toe.

Dan kom ook in hulle Trekregulasies so wonderlik dieselfde gees van die vadere wat o.m. gespreek het op 2:12:36.

Opmerking. Waar ons hier en elders die Dorsland Trekkers moet prys, daar wil ons egter niks te kort doen nie aan die nie minder hoewel korter-heroieke Trek van Louis Trigardt en sy heldhaftige klompie wat die beroemde Trek oor die Lebombo en oor die sand-koorswereld tot aan Delgo gemaak het. Ons onderskryf ten volle wat die skrywer van Piet Retief sê met die volgende woorde: „Die tog langs Olifantsrivier af, oor Drakensberg en dwarsdeur die giftige Laeveld, met sy nege waens en swaar kudde groot en kleinvee, behoort tot die grootste maar tegelyk ontsettendste ondernemings wat die beskawings geskiedenis van ons wereld deel opgelewer het", ens. (Populair Wetenskappelike Leeskring. Deel I. bl. 211).

En neem dan ook in verband met die Dorstrek die Lydelik Verset wat die Transvaalse Volk als 'n geheel so te sê aan die dag gelê het teen die onwettige Anneksasie, wat gekom het net 9 dae nadat die Tweede Trek die Kalahari Woestyn ingetrek was. En neem dan die gees van die Volk al die drie jare deur, en met die Vryheids-Oorlog. Watter gees was dit wat die klein klompie mense so laat optree het? En — ons stip maar aan — toe die Goud Oorlog naderhand in later dae gekom het, watter gees het by baie teleurstellings en tekortkomings aan alle kante, veroorsaak deur ongekende jare van rykdom en weelde — watter gees het toe gewerk, toe sake op sy donkerste was, toe b.v.b. President Steyn aan Lord Kitchener in 1901 o.m. laat skryf het toe alles hopeloos gestaan het vir Boer: „Ik sal my laat lei, nie deur die vyand nie, maar deur my gewete...... Kan ons ons vertrouwe op 'n Regvaardige

God gaan verlies — die God Die ons tot nu toe nog so wonderlik gered het?''

En...... leser, sit jou hand op jou hart en slaan Deut. 27:17 op en sê dan als in Gods teenwoordigheid: watter gees het daar gewerk in 1914, ens. toe 'n deel van ons Holl. Afrikaanse Volk beslis geweier het om die vervloeking, in hierdie Bybelvers vervat, op hul te haal? Watter gees was dit? En watter gees moet in ons volk bestendiglik gehandhaaf bly? Is dit nie die Kalvinistiese gees der vadere. Dat U en ik en onse kinders dan hieraan vashou!

IV.

# Uit vanmelewe ou Potchefstroom se dae.

*('n Onvoltooide Historiese Skets)*

DEUR

A. J. VAN DER WALT.

## INLEIDING.

„Verklein ook niets nog (lees noch) schrijf iets neer uit boosheid." „Nothing extenuate nor aught set down in malice." ('n Motto uit 'n ou Potchefstroomse koerant van die sestige jare).

Leser,

Vir elf jaar gelede het ons 'n kort sketsie oor ou vanmelewe se Potchefstroom in „Het Westen" gepubliseer. Ons bronne van informasie word in die stuk aangegee. Nou onlangs het ons weer met onse ondersoek in die saak begin. Intusse het Ds. Fick ook 'n lesing oor Potchefstroom gepubliseer.

Die resultate van ons vroeëre en later ondersoek gee ons die leser in hierdie stuk, in die volgorde soos ons dit opgebou het. Omstandighede het ons belet om al die informasie behoorlik te verwerk soos dit eintlik behoort. Dit het gekom deels omdat ons nog nie klaar het met ons histories ondersoek. Aan die ander kant is dit egter ook wenslik gewees om hierdie stukke te gee soos dit opgestel werd deur ons. Daardeur kry die leser dan alles, so te sê, uit die eerste hand. En misskien is dit vereers juis die beste metode om die saak te behandel .

Potchefstroom se geskiedenis is baie interessant. Immers: sy geskiedenis is ook die aanvangsgeskiedenis van ons land en volk, die geskiedenis van die Stigting van Boer se Republiek; die geskiedenis van die Opkoms van die Republiek; die geskiedenis van die Val en die Herstel van die Republiek. Die geskiedenis van Boer op sij goeie en beste tye; die geskiedenis van Boer op die eerste van sy swakste tye. Die geskiedenis van Boer, Brit en Uitlander se worstelings in hulle armoede en verafgeleëheid van die see, in die dae toe die Diamant en Goudvelde nog onbekende dinge was in Suid Afrika en toe daar nog geen spoortreine naar die Binnelande toe geloop het van die hawens af. Verder kom in Potchefstroom se geskiedenis voor aanwy-

sings van die vortplanting van Boer se kultuur wat op die Bybel gegrond is, maar daar kom ook voor staaltjies van 'n ander en nuwer kultuur, — die kultuur van Brit en Uitlander met so te sê nog 'n soort Koophandel-kultuur. En in onse ou vroeëre Wilkerstad kom dan ook voor die eerste vermeldings van botsings tussen die kulture. Dit alles en meer lê opgeslote vir die kenner se oog in die geskiedenis van vanmelewe se ou Potchefstroom. Die feite lê daar, 'n mens moet net die oog daarvoor hê om hulle te sien.

Boer se kultuur, soos dit uit voorgaande gedeelte van hierdie boek kan geken word, word mooi geteken in die aanhaling uit ,,The Cape of Good Hope Almanac for 1853'' en uit die stuk van Stuart se boek, veral wat betref die teregstelling van Pietersen. En uit die aanhalings wat uit ou ,,Potchefstroom Advocate'' geneem is, kry ons ook interessante en leersame kykies in onse Vaderlandse Geskiedenis. Daaruit kan b.v.b. gesien word dat die handhawing van die doodstraf in die begin van die sewentiger jare te Pretoria, waarheen die Landsregering in '63 uit Potchefstroom verplaas was — nog net so ernstig deur Boer gehandhaaf werd als indertyd met Pieterse te Potchefstroom en in '40 met die teregstelling van Tamboeza in Natal. Tussen hakies sê ons hier daar is verband tussen die drie teregstellings: van 40, van Pieterse, en die van Pretoria, in die sewentiger jare .En veral was, weëns die verskrikkelike groot afmeting van die misdaad van die moordsugtige Tamboeza, hierdie ten onregte gewraakte geregtsuitoefening, 'n noodsaaklike uitvoering van Gods ordinansie: die een, wat 'n medemens se bloed vergiet, sy bloed sal ook geeis word: Gods onverbiddelike ordinansie van die doodstraf dus. Sien verder in ons vorige stuk hieromtrent.

......In hoofstuk III sien ons duidlik die waarheid van die spreekwoord: in die verlede lê die Hede. En als ons nou sien dat ou eerwaardige name soos Kerkstraat en ,,Oude Markt Plein'' deur 'n seksie Potchefstromers gehelp uitgewis word en ander opgedringde name daarvoor in die plaas gestel word; dan vloek daardie gewraakte ver-

anderings net so teen die Verlede in, als wat b.v.b. vandag die ligsinnige naam Fochville, teen ou massale, massieve Losberg, daar digby, invloek. Ons moet dit neerskryf, nie om haatdraendheid te verwek nie, maar in alle erns als geskiedenis-ondersoeker, wat geleer het om sy hoed af te haal vir veel wat die Voorgeslagte met moeite en opoffering, met trane en bloed bewerkstellig het. Hulle lewe, worstelings en gedurige strijd om 'n bestaan was menige dag van te ernstige aard, dat elke nuwe aankomeling met roekeloosheid, in onbedagsaamheid, onkunde of ligsinnigheid die skendende hand aan vasstaande, hegte en monumentele nalatenskappe sou kan lê deur regs en links te gaan verander en skend naar hartewens. Dit is heiligsskennis wat nooit moes wees nie en wat stop moet gesit word. Ou Potchefstroom se geskiedenis verg dit van elke weldenkende Potchefstromer of wie ook dat Kerkstrraat niks anders als Kerkstraat sal bly en dat name als Millner's Square en Fochville en ander soortgelyke opgedringde titulasies en name so gou moontlik in die ban gedoen sal word. Op mensdom word wakker! Ou Potchefstroom en Losberg — om lokaal te bly — verg dit van elkeen.

Die toestande en gebeurtenisse wat 'n mens uit die aanhalings van Potchefstroom se ou koerante die Tvl. Advokate — wat tot in 1873 die enigste Nuwsblad ten Noorde van die Vaal was — is ook baie interessant en leersaam. Daarin kom voor wonderlike staaltjies en brokkies van Algemene Wereldgeskiedenis van „Vaderlandse Geskiedenis en les nie minste nie, staaltjies van onse ou dorpse eie geskiedenis self. Die leser moet maar self kennis maak en geniet wat ons daaruit afgeskryf het. Want daar gaan deur die ou krante se kykies in die verleë 'n wonderlike skakering van toestande en gebeurtenisse, uit lang vervloge dae, by 'n mens verby met die lesing en oordenking.

Neem b.v.b. daardie die eerste No. van die ou Advocate van 28-12-1869. Lees daardie eerste „Gouvernements Kennisgeving" oor die onvoorziene vertraging in de aankomst der machine enz. voor het drukken der postzegels".

Daadlik sien 'n mens dit was tye van opkoms van Boer se Eie Bewind in die Binnelade; tye toe daar nog geen gerieflikhede van 'n spoorwegvervoer bekend was nie; tye dus, toe die ossewa nog sy volle septer geswaai het oor die ontsaglike lengtes en breedtes van S. Afrika se Binnelande. Maar aan die ander kant hoe verwonder staan 'n mens oor daar die onnodige Sabbatsschending deur die poskar wat Sondagmore om tien uur uit Pretoria moet vertrek. Hoe wonderlik kom daardie ,,£10 Beloonnig" advertensie ons voor van H. Sephton of net so die ,,Municipale Kennisgeving-aankondiging." Ook b.v.b. daardie: ,,Town and Country supplied at Lowest rates for Transvaal Notes by the Manufacturer." En dan wat 'n les van aanskouwelikheid verraai daardie brief van ,,Burger" oor die teer-en-veerdery van 'n seker ,,onderwyzer der jeugd" wat hom vergryp het aan Boer se hoë, reine sedelikheidsbegrippe. Daardie uitlander onderwyser, wat 'n seker Joods-Engelse naam gedra het—watter naam ons van meneer C. Read verneem het maar opsetlik verswyg — het seker daarvandaan af 'n beter begrip gehad van sy pligte als eggenoot en van die ware geaardheid van die omgewing waarin hy hom beweeg het, als van te vore.

En wat 'n kyk kry 'n mens nie uit die lange redwen- of rysies-advertensies van daardie dae. Dit is seker; behalwe die Britse kultuur wat Brit ooral met hom meegevoer het, het daar ook sterk bestaan 'n Handelskultuur, wat o.m. uiting gesoek het, in Brit se alombekende voorliefde vir Sports. Destyds was dit rysies, en kriket-spel, omdat voetbal in daardie dae 'n onbekende ding was. En net so min als wat die egte, buite bevolking aan daardie dae se rysies-manie en veral die nasleep wat daarmee gepaard gegaan het mee kon doen, net so min moes b.v.b. vandag die hedendaagse owerdrewe Voetbal manie deur die ware Afrikaner seuns nageaap word. Veel beter sou dit b.v.b. gewees het als daar in onse tyd minder gladiator-voetbal uitspattings was en meer algemeen aan gymnastiek gedaan werd. Elke Onderwys Inrigting in ons land moes sy welingerigte Gymnastiek-sale gehad het, soos b.v.b. met die

„Staats Model School" van Z.A.R. se dae. Soiets sou wel meer konsekwent, gesonder, heilsamer en op tot datum (up to date) gewees het, als al die onnasionale dus egoisme in die hand werkende voetbal-gedoe. Ons kry, b.v. baie respek vir die advertensie van die ou dae, waar van Gymnastiek onderwys sprake was, hoewel die daarop volgende aankondiging van „Religious Instructions" 'n mens verwonderd laat opkyk. — Die botsings tussen Boer se kultuur en die Uitlander Koophandel kultuur behandel ons in die voorgaande stuk in hierdie boek.

Liefhebbers van humor kan in die Poetry-corner van die ou Advocate 'n paar aangehaalde stukkies egte humor ontdek, en by die humor nog ook historiese-informasie bekom.

Dit was 'n deftige ou tyd daardie sestiger en sewentiger dae. Lees daardie opmerkings van die editeur in verband met die rookery van mense onder die gehoor van 'n opvoering van „The Mirandah Harper Co." Ons moet hier ernstig sê: Hoede af dames en here vir hierdie staaltjie van outydse hoflikheid en fyn maniere. Want hoe lyk dit vandag met die verfoeilike rookry by gesellige en bioskoop-saamkomste? Hoe lyk dit verder in ons dae met baie ander sake? Is daar nie 'n skandelike en sorglike afsinking en agteruitgang in beskeidenheid en voorkomendheid in omgang en saamlewing, van jammerlike agteruitgang in en verwaarlosing van hoogstaande voorvaderlike tradiesies als reinheid van lewe in woord en daad en 'n kuise kleredrag; van 'n reine lewensopvatting gebaseer op Gods ordinansies, van onderdanigheid en meehorigheid van die jeug, van gekuistheid in taal en omgang, van reinheid van sede? Watter droewige tonele bied ons samelewing nou aan? Wat 'n nare geskiedenis van afsinking lê daar b.v.b. in die jongste en vorige Cantonments regime? Watter tonele bied die s.g. uptodate-gemengde baaiery in onse Dam nie aan nie? En alles gaan maar so sy gewone gang. En dan is ou Potchefstroom nogal 'n sentrum-, en 'n belangryke ook—van Onderwys! 'n Mens kan nou meer als een dag ou deeglike, oorlede Stead se woorde

verstaan waar hy gesê het: „Yes, there is a Progress of the World. But is is ((many a time) a progress to the nethermost parts of Hell!''

Met die goud Oorlog het daar in ons land baie nadelige onkruid-bossies wortelgekiet. Eers het die khakie-bossie en die khakiedistel half-on-opgemerk die wereld gaan vervuil totdat daar nou vandag baie plekke is waar die onkruid-bossies, die een of die ander so te sê onuitroeibaar geword het. En dit tot oneindige nadeel van die vaderlandse bodem, sodat die vraag baie maal besorg opkom bij menigeen: wat sal nog die end wees van die khakie-bossie en die khakiedis-sel, en nog ander onkruide? Nou net so woeker hier van-dag onvaderlandse, buitenlandse euwels onder ons, soos die gemengde bade wat nietteenstaande al die slimpraat-jies om dit te vergoelik onnatuurlik en laag is; soos die toenemende en byna algemene misbruik van sigarets, wat teen die volksgesondheid indruis en dan nog die on-beskaamde vrouwnsdragte van onse tyd. Vraag: waar-heen gaan dit alles en moet dit so maar so vort gaan, sonder protes. Protes, soos „Burger'' e.a. ons uit die ou tye geleer het, wat pligmatig kan word als dinge te rof aangaan!

En hiermee beveel ons, ons geskiedenis van ou vam-melewe se ou Potchefstroom aan die leser aan en ons wil hoop dat ons ons ou dierbare Potchefstroom 'n diensie bewys het, om sy ou dae se geskiedenis voor die publiek te bring.

A. J. VAN DER WALT,

Deelkraal,

Februarie, 1920.

Uit „Het Westen" van Oktober 1908. **Nadruk verbode.**

## POTCHEFSTROOM 70 JAAR OUD.

### (Nov. 1838 — Nov. 1908).

Deur A. J. van der Walt.

(Opm.—Hierdie stuk, behalwe die Naskrif hieronder, is dus vir elf jaar gelede geskryf).

I.

### Iets oor ou Potchefstroom self.

Nou die anderdag het ou Prof. Cachet tereg o.m. gesê op 'n publieke vergadering: „Hoe weinigen onzer zijn zelfs bekend met de geschiedenis van de stad onzer inwoning?"

Toe het ons dit goedgedink om 'n stukkie in verband met ou Potchefstroom se a.s. verjaardag te skryf. Die saak lyk ons die moeite wel wêrd, al hoor 'n mens geen haantjie kraai na die a.s. grote gebeurtenis. Wat 'n 70 jaar lê daar nie in die verlede vir ons ou Potchefstroom! Jare van stille onmerkbare vooruitgang! Jare van voorspoed, maar ook jare van teenspoed, miskenning en agteruitsetting! Tye van veranderings van sedes en toonaangewing, tye van vreemde beheersing! Jare van woeligheid en vrede jare van agteruitgang, armoede en gebrek. Maar ook jare van vooruitgang, rykdom en owervloed! En onder al die wisselinge: ditsy onder die kort rumoer van burger-oorlog, ditsy onder die gebulder van die kanonne van Winsloe in 1880 en 1881, ditsy later onder die noodkreet uit die vrouwekampe—onder dit alles is ou dierbare Potchefstroom vir sy minnaars altyd dieselfde liewe ou plek gebly, wat hy vandag nog is: n.l. ou Potchefstroom en niks anders nie!

Maar vir 70 jaar gelede het dit hier heeltemaal an-

ders uitgesien, langs ou Mooirivier, als wat dit vandag die geval is. Ons noem ou Potchefstroom met opset 'n stad, want Cachet—die skrywer van de „Worstelstryd"— het al vir byna 30 jaar gelede oor P.C.Stroom o.m. geskryf: „Men noemt P.C.Stroom „de bloemenstad" en wel heeft zij recht op die naam". Potchefstroom was ook byna altyd bekend onder die naam „h o o f s t a d van die land!" En wie sal waag om te voorspel wat die toekoms nog misskien vir ons ou P.C.Stroom in bewaring het? Waar sal ou Potchefstroom oor nog 70 jaar kan staan in die ry van stede en dorpe van Suid-Afrika? Nou, laat ons dit maar aan die tyd oor laat.

Vir 50 jaar gelede was ons stad 'n klein dorpie met 6 tot 700 inwoners. In 1883 was die aantal inwoners 2,000. Maar vir 'n 60 jaar gelede was hier wel 'n kerkgebouwtjie, maar geen enkel predikant nie. 'n Landdros was hier altyd, met sy Heemrade, maar geen imposante Landdroskantoor nie. Strate, hoewel breed en rojaal aangelê—'n breeë aanleg wat ons nou goed te pas kom en die aanlêërs se breeë insig laat bewonder—was daar omtrent 'n half dosyn. Verder was daar kleihuisies, hartbeeshuise, kleimure en wilkerbome genoeg. Maar daar was geen Noord, Oos- of Suid-brug nie. Daar was geen spoortrein nie, geen stasie, geen park, geen Modelboerdery, geen Settlements, elektries lig, geen lokasie en geen winkels met mooi uitstallings nie. Geen groot Dam in die maak. Geen Golflinks, geen Groenpunt, een vuile parmantige Koelies nie! Geen Kantonments met sy vernis, geen bedorwe „dandy" kafferbediendes nie. Daar was wel 'n gemis van meer als één goeie ding wat ons nou geniet, maar daar was ook omgekeerd veel goeds, wat ons nou min of meer mis.

In Nov. 1838 het die Potgieters-Trek hier aan die oewers van die Mooirivier aangekom. Toe het Andries Hendrik Potgieter die dorp Potchefstroom gestig. Soos gesê is onse stad nou—Nov. 1908—70 jaar oud. Ons stad het sy naam ontvang naar Potgieter die sjef of voorman van die trek. P o t. afgelei van Potgieter, s h e f van

Potgieter se kapasiteit als voorman en stroom. Die afleiding van die naam: Potchefstroom is dus glad nie soos 'n sekere „Geography of S.A." dit ten onregte wil voorstel, waar ons vertel word, dat die naam te danke is aan drie kommandante van die Trek, n.l. Komm. Potgieter, Komm. Chef en Komm. Stockenstroom! Dit is nie alleen 'n flagrante onjuistheid nie, maar ook die grootste onsinnigheid. Verbeel U, leser; 'n kommandant Chef en Kommandant Stockenstroom in die Grote Trek! Ons bejammer, tussen hakies, die arme goedgelowige jeug wat sulke nonsens moet sluk.

Potchefstroom is vir ons belangrijk o.m. om die volgende redes: Dit was die eerste dorp wat ooit ten Noorde van die Vaalrivier gestug is. Potchefstroom, was tot vir 'n korte tydjie altyd die wettige hoofstad van ons land. Hier het die Volksraad in die eerste tyd altyd gesit, en was in die eerste jare die ganse en hele gebied van die Republiek ten Noorde van die Vaal alles net simpel en alleen: Distrik Potchefstroom! Hier is die samensweerders in die treurige Burger-oorlog die eerste keer tot hulle plig gebring. En als ons vir ons nie vergis nie, dan is hier in 1857 of '58 in ou Potchefstroom vir die eerste keer die ou dierbare „Vierkleur" gehys! Hier het die eerste skoot op Dingaansdag 16 Desember 1880 geval, wat die „Eerste Engelse Oorlog" inlei. En van di dag af is Dingaansdag weer in ere herstel, en die eerste stoot daartoe het, onder Hoë Bestuur, uit ou Potchefstroom gekom! Daar is nog meer redes, waarom ou dierbare Potchefstroom onse liefde vra en een daarvan is: Ons hoop dat ou Potchefstroom nog eendag die Hoofstad van 'n Verenigde Suid-Afrika sal wees! Hij verdien dit en kan swaar weënde argumente daartoe aanroer. (Opm. Die beslissing het later anders uitgeval Skr). Tussen bladsy 158 en 159, Deel II, van J. C. Voigt, 50 Years of the History the Republic in South Africa is 'n aller interessante kaart vir elkeen wat belang in die geskiedenis van Potchefstroom stel. Daarnaas word „the old Potchefstroom District", be-

skryf: „Die ou Distrik van Potchefstroom, het vroeër dus die hele Transvaal beslaan, — behalwe Lijdenburg, Piet Retief. Ermelo, Standerton ('n gedeelte) Wakkerstroom, Utrecht, Vryheid en groot stukke van die Zoutpansberg en Middelburg distrikte. Dit het darem bevat al die grondgebied later geokkupeer deur Sechhele's Bakwana's en Montsieva's Baralong's naam Gozen en Stellaland het ook tot die distrik Potchefstroom behoor. Die westelike grens was dus die kant van die Kaliharie Woestyn. Aan die Suide was die Vaalrivier die grens. Die oostelike grens was ongeveer 'n plek waar die dorp Standertno vandaag lê, noorddaan tot aan die Zoutpansberge. Die noordelike grens was ongeveer die Zoutpansberge. Magato-berg en Bamangwato Berge."

Later het die distrik Potchefstroom stelselmatig kleiner en kleiner geword, totdat in die loop van die tyd die Suidelike grens tot aan die Vaalrivier en die Makwassiespruit, die Noordelike grens tot aan die Kliprivier gekom het, waar nou Vereeniging op ons distrik se grens lê. Later het ons ou distrik weer 'n groot stuk verloor, toe die distrik Krugersdorp in die lewe geroep is. En als Ventersdorp een van die dae sy sin kry, sal hulle ou Potchefstroom weer gaan kleiner maak!

Potchefstroom het ook sy historiese plekke. Een daarvan is die „Kanonkoppie", waar die Kantonments nou by lê. Die Kanonkoppie is bekend uit die Burgeroorlog van '63 en '64. Ook is daar nok die ruwiene van die ou Engelse kamp uit die Vryheidsoorlog van '80 en '81. Dit lê omtrent 30 tree van die spoorlyn na Klerksdorp, digby die stasie. Naby die skutkraal was een van die ou tronke, wat nie meer bestaan nie en digby kan 'n mens nog die oorblyfsel van die ouere Skutkraad sien, wat in laasgenoemde oorlog, als skans gedien het vir die burgers.

Van tronke gepraat: ons werd van drie vertel. Die eerste was op die ou markplein (nou die kerkplein van die Gereformeerde Kerk) Die tweede het onder in Potgieter-

straat gestaan. Die derde ene was die bekende tronk van '80 en '81. 'n Eigenaardigheid van die eerste tronke was, dat daar telkens gevangene uit ontsnap het, wat opgesluit was, weëns herhaalde openbare dronkenskap. Theal verhaal ons ook van 'n sekere van der Kolff wat ook uit die gevangenis van Potchefstroom ontsnap het. En eenmaal was daar 'n Ier in die tweede tronk opgesluit wat in drif 'n brutale kaffer doodgeslaan het. En wat gebeur daar toe? Wel, op 'n nag het drie ander Iere gekom en die deur stukkend getrap en hulle landgenoot verlos. Dat hy toe dadelik die rieme neergelê het, is nie nodig om te sê nie. (Opm. Sien in Naskrif Nov. 1919 die verhaal van die oue heer Andersen.—Skr.).

'n Twintig jaar na die stigting van P.C. Stroom was die toestand nog so, dat die jongkerels van die dorp elke Saterdag opgekommandeer moes word om...... wolwe te gaan uitroei. Dit was glo toe 'n narigheid snags hier langs die rivire, soos die wolwe toe tekeer gegaan het met hulle getjank en gehuil ens. Eenmaal het hulle selfs 'n kalf op die teenwoordige markplein gevang.

Van ons markplein gepraat, daar het in die jaar 1857 of 1858 op "n dag 'n hele plegtigheid plaas gevind. Die eerste V i e r k l e u r is toe daar gehys, onder groot plegtigheid.

Die volgende Vlaglied is toe daar opgesê:-

„Viva, Viva de Vlag, Viva, Viva de Vlag,
  Door Vryheid hier geplant!
Waai rond door Zuidelyk Afrika!
  Van Oost tot Westerstrand!
Waai onbezoedeld, schoon en rein
  En wapper ook op zee!
Vertoon U aan der Volkren oog,
  Tot aan de verste ree!
God zy met U, God zy met U,
  Gy Maagdelyke Vlag!
En met "t volk dat U verkoor,
  Tot aan de Jangste dag!"

Op die noordoostelike hoek van die kerkplein waar Potgieter- en Kerkstraat mekaar kruis het die vernaamste gebou van die Emigranteboere gestaan, n.l. die kerkgebouw wat tewens gebruik is as Volksraadsaal. Dit was 'n eenvoudig langwerpig vierkante gebou waarvan die mure tien voet hoog was, gedak met 'n grasdak. Rondom die gebouw was 'n murasie opgetrek voorsien van skietgate en op twee hoeke voorsien van skiethokke. Die plek moes ingeval van nood dien als 'n vlugkraal. (Opm.—Nov. 1919. Die ligging van die Kerk word bevestig in die stuk van Andersen.

Met die toeneming van die bevolking blyk dit dat die gebouw in 1858 nie meer voldoen het aan die behoefte en het Ds. D. van der Hoff die voortouw geneem om 'n nuwe Godshuis te laat bouw, waarvan 26 Desember 1859 die eerste steen gelê is in teenwoordigheid van die Staatspresident, lede van die Uitvoerende Raad en Volksraad, benewens kerkelike waardigheidsbekleders. Dit het minder voorspoedig gegaan met die bou, want eers op 24 Februarie 1866 is die gebou ingewy. Die gebouw is later weer vernuwt in die teenwoordige kruiskerk op die Kerkplein.

Een van die oudste huise in P.C.Stroom is 'n gebouw van kleimure naby die Queens Hotel gebouwe. (Opm.—Sie stuk Anderssen). Die gebou nou bekend onder die naam van Johnsons Beerhall, was in 1880 en '81 die Kommissie Raad en krygsraad saal ens. Daar is van der Linde en Dr. Woyt opgesluit en gevonnis.

Die plein waar nou die gebouwe van die Theologiese Skool staan, was die kampeerplek van die Burgers in 1880. Die huis daar regoor was vroeër die woning van President M. W. Pretorius.

Onder die lys van vroeëre ambtenare vind ons die name van die volgende Landdroste: Lombaard, Botha, Grimbeek, J. Steyn, van der Hoff en Goetz. Van een van die oudste inwoners van ons stad en tans nog in lewe, die heer van der Hoff, het ons verneem hoe hy ongeveer in 1856 hier aangestel was als Landdrosklerk, Posmees-

ter, Publiekevervolger en Transport-uitmaker! Vir die uitoefening van al hierdie waardighede het hy die salaris van die toenmalige regering getrek van vyf en sewentig pond stg. per jaar!

'n Ander hooggeagte ou bewoner van P.C.Stroom was die heer C. Lombaard van Elandsheuvel, wat in 1849 hier aangekom het. Van hierdie heer het ons ook 'n paar interesante vertellings uit die ou tyd verneem. So vertel die oue heer Lombaard ons dat in 1850—dus 12 jaar na die stigting van Potchefstroom—eenmaal 'n spannende leeuwejag plaats gevind het op 'n plek 15 minute rydens van die Oosbrug af. Omtrent 5 minute lopens van die opstal van wyle Kapt. Bayley, waar nou Mnr. A. Boshoff woon is 'n soort van koppie, waarby 'n klompie kafferhutte staan. Wel daar op dieselfde plek is in die jaar '50 op 'n dag nie minder als 8 (ag) leeuws doodgeskiet! Dit moes 'n drukke dag gewees het, want 'n jag, waarmee 8 konings van die Diere onskadelik gemaak word, is geen kleinigheid nie! (Opm.—Dit word ook gewag van gemaak in die stuk van mnr. Anderssen.)

Drie jaar later was daar weer oorlog verklaar teen Mnr. Leeuw, wat hom hier onder by die Suidbrug skuldig gemaak het, om maar telkens wanneer hy lus het vir beesvleis, 'n bees om te kap. Die hele buurt daarlangs was toe 'n verskrikkelike grote ruie rietvlei van meer als 'n uur omtrek. Hierheen was oom Leeuw toe gegaan vir 'n woning. Toe sy brutaliteit eindelik ondraaglik werd, is daar 'n jagparty bymekaar gekry. Maar die jag het op 'n mislukking uitgeloop weens die ruie rietvlei. Oom Leeuw het eenmaal uitgekom, 'n ruiter amper omver gespring en toe is hy weer weg. Of oom Leeuw later nog meer skade veroorsaak het, kon ons nie te hoor kom nie. Waarskynlik het hy toe die rivier verlaat en sy wyk na Vaalkop geneem waar die leeuwe posiesie ingeneem het, voordat hulle ook daarvandaan moes verkas.

By die Vaalkop het ou Mnr. Lombaard eenmaal 'n nouwe ontkoming gehad daarna. Hy was daarheen op 'n dag, om houtpale te gaan haal. By hom was nog 'n En-

gelsman, wat moes help om die pale te kap en nog 'n kaffer. Terwyl hulle besig was met die kappery, sien Mnr. Lombaard twee leeuwe in die nabyheid van die osse.

Die kaffer werd toe na die beeste gestuur met die geweer van sy oubaas. Toe hulle amper klaar was met die pale—daar moes nog net 'n paar gekap word—gaan Mnr. Lombaard naar die klompie bome wat opsy staan. By die bome gekom, word hy onaangenaam verras deur 'n „klomp leeuwe" wat daar onverwags opgespring het! Daar was geen ander raad vir ons ou vrind nie dan om maar die wereld te skeur, so hard moontlik. So gedag, so gedaan! Maar een van die leeuws het seker boos geword, omdat hy in sy saap gesteur was. 'n Wyfie-leeuw was gouw agter ons ou grysaard in—wat toe nog in die krag van sy lewe was—en hoe harder ons vriend hardloop, so ook die leeuw! „Dit was vir my"—so sê ons ou vriend vir ons—„alsof ek voel hoe die leeuw my vorentoe wou druk in die hardlopery". Dit het natuurlik teen lewe en dood gegaan! Eindelik kom ons ou vriend tog by die Engelsman, wat verstyf staan van skrik met 'n groot byl in die hhand! Ons ou vriend gaan staan naby die Engelsman en skree toe vir hom om op sy hoede te wees en toe te kap als die leeuw haar sprong maak. Hare Majesteit gaan egter baie naby die twee man op haar hurke sit. Al skurende en wrywende op haar agterlyf sit sy daar met glinsterende oë. Dit duur nie lang nie, of sy begin rond te kyk, ook agterom. Dit was vir ons ou vriend 'n teken van redding! Hy het geweet nou sal sy nie meer spring nie, maar omdraai wat dan ook gebeur het. Hare Majesteit sit dit toe op 'n loop, terug in die rigting vanwaar sy gekom het. Wie weet, hoe lang die wyfie na die dag nog gespog het oor haar dapperheid by die ander leeuws van die trop?

In alle geval, ons houtkappers het toe maar gou die osse laat aankom, ingespan en toe terug gegaan naar Elandsheuwel toe sonder verdere ontmoetings.—Die vrag houtpale het dus amper nog een of meer mense se lewens gekos.

II.

**Iets oor Potchefstroom se oudste inwoners.**

In ,,The Cape of Good Hope Almanac for 1853'' het ons eenmaal 'n mooi stukkie oor Potchefstroom se ou dae gelees. Daarin kom die olgende beskrywing voor van 'n reis, wat 'n sekere reggeaarde Engelsman in die tyd (seker 1852) na die Binneland gemaak het. O.a. sê hy: ,,die Vaalrivier by Coquis-drif deurtrekkend, by welke ,,plek die Vaalrivie net so breed is als Grootrivier, kom 'n ,,mens na 'n rit van 2½ uur by die dorp Vryburg, alias ,,Potchefstroom alias Mooirivierdorp.........

,,Dit is onjuis, om te veronderstel dat die Emigrante- ,,boere, wat oor die Vaalrivier getrek het, tot die peil ,,van Barbaarsheid sou verval wees. Ek het my self so ,,iets voorgestel, deur die lees van onjuiste voorstellings ,,in Koloniale blaaie......... Toe my bladskap en verrassing ,,het ek uitgevind, dat hulle werklik verskil met enige ,,Holl. Afrikaanse kringe, waarmee ek in die laaste tyd ,,kennis gemaak het. Maar ek het gevind, dat die verskil in die voordeel van die Potchefstroomse Afrikaner ,,is. Want ek het my bevind in Mooirivierdorp in 'n omgewing net so ordelik, net so wel gereeld, net so geklee d ,,as in enige omgewing in die ou Kolonie. Op hierdie punt ,,vra ek verskoning, als ek aanhaal wat 'n ander reisiger, ,,wat Mooirivierdorp in dieselfde tyd als ek besoek het. ,,geskryf het.—Hy sê: Gelees hebbende, dat seker iemand die mense te Noorde van die Oranjervier als 'n ,,trop ,wilde mense' betittel het, so was ek reg aangenaam verras om die bewoners van Mooirivier net so ordeliewend en goed van gedrag te bevind als die bevolking van die toonaangewende Kaapstad. Daar is in ,,Mooirivierdorp geen biskop of predikant nie en nogtans ,, word die Sabbatdag met dieselfde uiterlike erns gehandhaaf, als in enige deel van die Kristelike wereld. Die ,,s.g. ,wilde mense' kom op die dag tweemaal byeen om ,,godsdiens te hou onder leiding van 'n ouderling. Sondag-

„skool word in die namiddag gehou deur sekere E. Meyer, „vroeër van Pieter Maritzburg.”

Ons het reeds eenmaal gesê: „Die Voortrekkers was vir die merendeel manne van volharding in alles wat hulle onderneem het. Daar het pit en murg in hulle gesit: hulle was Kalviniste. Moes daar 'n dorp aangelê word, dan kom die Voortrekkers bymekaar en dan begin hulle te pas en te meet. In hulle karakteristieke degelikheid het hulle alles wat naar halfheid of halwe werk gesween het, gehaat. En als gevolg van hierdie degelikheid van ons voorgeslag is dit, dat ons vandag op fraai aangelegde stede als Potchefstroom, Pietermaritzburg en Pretoria kan wys, met hulle ruime, breeë strate, wat mekaar suiwer reghoekkig sny! En tog het ons ou voorouers nie 'n enkel landmeter gebruik nie. Ja hulle was 'n flink voorgeslag, die ou Voortrekkers. Daarom kon 'n skrywer van die tyd, na Holland skrywende, hulle vergelyk by die kranige figure op die beroemde skildery van Van der Hulst „Die Skutters Maaltyd” en kon hy van hulle, ons Voortrekkers, sê: „Kyk daar is ook die portret van die Voortrekkers!”

In „De Zuid Afrikanen en hun Republiek”, bl. 265 skryf J. Stuart o.m. „Op Potchefstroom bezocht ik ook de school van de heer Van der Linden (1857). Zyn school vond ik in zeer goede toestand, en ik moest mijn verwondering betuigen over de spoedige vorderingen die zijne leerlingen in taalkennis, lezen, schhrijven en rekenen gemaakt hadden.” (Opm.—Volgens Ds. Fick se mededeling in sy voormelde Voorlesing het v.d. L. egter later moes trap uit Potchefstroom).

En dan kom op bl. 265 en 266 van dieselfde Stuart se boek 'n verhaal voor van 'n reggeding wat ons nie aan ons lesers kan verswyg nie. Stuart skryf dan verder:

„Sedert mijn vorig bezoek had hier te P.C.Stroom een belangryk rechtsgeding plaas gehad. Andries Pieterse, een vermogend Holl. Afrikaner van tussen 50 en 60 jaar, had in dronkenschap zijn neef Oosthuizen vermoord. Hij had zich zelven bij de Landdrost van P.C.Stroom

aangegeven, de misdaad werd onderzocht en alzo bevonden. Landdrost en Heemraden verwezen hem naar de Volksraad. Men was bitter verlegen hoe te handelen. Dronkenschap en berouw mochten geen verschonende redenen zijn, want er stond in de Bybel: „Die eens anders bloed vergiet, diens bloed zal ook vergoten worden." Maar er was nog nimmer lyfstraf op ene Holl. Afrikaner toegepast, veel minder de doodstraf. Er was geen schavot of galg, en niemand was er onder de Holl. Afrikaners te vinden, die het vonnis ten uitvoer zou willen brengen. Aan een zwarte k o n, en aan en Engelsman w i l d e men het niet opdragen. De Veldkornetten kwamen overeen dat zij als wethouders, a l l e n zouden loten; dat drie hunner dan de plig moesten vervullen, doch deswege nimmer enig verwyt mochten horen. De verzending van het proces door Landdrost en Heemraden had nouweliks plaats gehad, of Andries Pieterse werd door ernstige gesprekken en godsdienstige boeken voorbereid. Bij de Volksraad bekleedde de heer A. W. J. Pretorius (Kommandant-Generaal) de plaats van verdediger, de heer Lombaard van algemeen aanklager.

Het doodvonnis werd uitgesproken! De gehele bevolking van Potchefstroom bezocht de veroordeelde. Bij elke groep was er een, die met en voor hem bad. Ieder hoopte en vertrouwde dat hij genade zou vinden en zij hem hier namaals gezaligd zouden terug zien. Andries Pieterse nam hartelik afscheid van zijn rechters, werd begeleid door vrienden en vriendinnen naar de strafplaats; het was een v r i e n d die de doodstraf aan hem ten uitvoer bracht en hy ging......met een kalm gemoed de eeuwigheid in".

„Hebben mijn Nederlandse lezers", so eindig Stuart, „almeer zo'n eenvoudig naief verhaal van Christelijke rechtspleging gehoord?"

Naar aanleiding van wat ons hier bowestaande uit Stuart aangehaal het, wil ons net sê: ons het eenmaal 'n stukkie gelees dat die skrywer van 'n sekere boek gesê het, dat hierdie Andries Pieterse moet aangemeemrk word

als 'n tiepe van sy tyd. Nou hierdie bewering het vir ons net so min waarde als die s.g. „afval"-gesnap. Want dit is onwaar. Ons kom daar beslis teen op. Ons is daarvan oortuig dat Pieterse niks anders as 'n swartskaap was. Hy was helemaal in die verste verte nie 'n algemene tiepe nie. Ons het vir ons in die laaste tyd ingespan om soveel moontlik 'n trouwe verhaal van hierdie geskiedenis byeen te kry en hoewel ons verskillende „oumense" geinterview het in Lichtenburg se wereld, in Wolmaransstad se distrik en andere hier in onse stad en in die distrik—het ons nog nie helemaal ons sin gekry nie wat volledigheid van informasie betref. Stuart se verhaal is al so onvolledig en daar is maar min mense in lewe wat iets aafdoens hiervan kan meedeel. Die resultaat van ons ondersoek kan ons daarom as volg saam vat: Volgens die meeste verhale moes Pieterse 'n baie woeste man gewees het. Daar was selfs 'n plakkaat uit oor hom in Colesberg. Die moord het hy koelbloedig gepleeg by „Dood-se-drif" (distrik M.W.Stad).

Die tronk waarin Pieterse gevange gesit het, was die eerste tronk op die teenwoordige Gereformeerde Kerkplein n.l. die oue Markplein. Naar wat ons van hierdie tronk verneem het, kan ons dink, dat Pieterse kon ontsnap het als hij wou. Maar hij werd daarvoor te goed bewaak.

Pieterse het hom eers nie self kom oorgee nie, soos 'n mens sou kan opmaak uit wat Stuart ons hier bo gemeld het. Nee, dadelik na die moord, wat hy met voorbedagte rade gepleeg het, was hy te perd gevlug naar sekere kaffers onder aan Hartsrivier. Daardie streek was in die tyd nog nie deur witmense bewoon nie. Daar het Pieterse hom toe 'n tyd—waarskynlik 'n paar maande—skuil gehou. Op 'n sekere dag het hy egter die volgende boodskap ontvang aan Hartsrivier daar by die kaffers, van die destydse Landdros van P.C.Stroom, die heer Lombaard, vader van ons ou vriend, die heer C. Lombaard. Die boodskap was: „Pieterse kom gee jou oor! Als jy onskuldig is, dan kom jy los; is jy skuldig dan sal dit jou tog niks help om jou nie tekom oorgee nie; want ons sal

jou seker gaan vang, waar jy ook is!" Die gevolg van die boodskap was, dat Pieterse sy perd of perde, want hy was 'n ryk man, laat aankeer het, opgesaal het en die reis van minstens 2 tot 5 dae aanvaar het na Potchefstroom toe. Wie sal ons kan sê, wat die man se gewaarwordings was, gedurende sy lange reis na ons ou „wilkerstad"! Te oordele uit wat ons vertel is, het hy seker nie die saak in sy volle erns beskouw nie. Maar hoe dit ook mag wees: Pieterse sou moes ondervind, dat die Regspraak van die ou Voortrekkers nie kinderspulletjies was nie. Sy woeste lewe sou spoedig afgesny word!

In Potchefstroom aangekom, het Pieterse hom by die Landdros vervoeg. Die voorlopige verhoor het plaas gevind voor die Landdros en waarskynlik ook tegelykertyd voor die Heemrade, waarvan daar 12 was. Pieterse het toe alles erken in sake die moord, wat volgens 'n berig, als prowokasie had: ontug deur die vermoorde man met Pieterse se vrou. Daarvan werd behoorlik prosesverbaal gemaak. Nadat Pieterse 'n tydjie in die tronk was, heel waarskynlik, nadat die saak naar die Volksraad verwys is, het hy spyt gekry van sy openhartigheid. Hy vra toe aan die Landdros om sy bekentenis te verander en sagter te maak. Natuurlik was daarvan geen sprake nie. En toe het die lewe vir die man begin swaar word daar in die ou tronkie op die ou markplein. Sekere twee inwoners van Potchefstroom, 'n sekere J. Visage en J v. Eyck, het hom voorgespieël dat hy sou los kom. Ander mense weer het sy saak vir sorgelik aangesien. Op 'n dag het ons ou vriend die heer Lombaard gevra aan sy vader die Landdros, of hy Pieterse 'n besoek kon gaan bring. Dit word toegestaan. Ons ou vriend het sy vrouwtjie toe lekker koek laat bak, en daarmee het hy naar die tronk gegaan. Daar aangekom werd hy by die gevangene toegelaat. Dit het nie lang geduur of die volgende gesprek het plaas gevind:

PIETERSE: En wat dink neef Lombaard van my saak; sal ek loskom? Ag sê my tog. Ek weet nie wat dit met my is nie. Ek kan nie meer eet nie. Ek het vir niks lus nie.

Ook jou lekker koek trek my niks aan nie. Wat sal dit wees man?"

C. LOMBAARD: „Ja, oom dit is die doodsbenouwdheid wat oom al voel. Ek moet oom reguit sê: Ek glo nie dat oom sal loskom nie. Oom moet jou skik om God te ontmoet. Enige dag kan nou oom se laaste dag wees."

PIETERSE: (kermend) „Maar neef, J. Visagie en J. van Eyck, sê anders. Hulle praat my moed in."

C. LOMBAARD: „Nee oom Pieterse, moet jou nie verlaat op wat hulle sê nie. Die saak is ernstig met oom."

Hierop het ons ou vriend die beklagenswaardige gevangene wat geheel ontdaan was en erg gekerm het, verlaat. Sodra die doodvonnis gevel was, was Pieterse sommer ontdaan geword, veral toe hy die doodstyding offisieel ontvang. Sodat, toe hy op 'n vroeë more naar die plek van die gerig gevoer werd, hy daar „halfdood" aangekom het.

Als laksman is opgekommandeer seker burger, Jansen van Vuuren, bekend onder die bynaam van „Bobbejaanpaal"; omdat hy so 'n lang man was. Ou oom „Bobbejaanpaal" het toe die galg as volg gekonstueer. 'n Hoë „bok" werd gemaak, so hoog dat die boënd ewe hoog was as die koret van 'n stampwa van daardie tyd. Die bok het dus minstens 6 a 7 voet hoog gekom. Langs die bok, omtrent 8 voet daarvandaan, sou 'n wa getrek word, die wa waarmee die gevangene sou opgebring word. Op die koret van die wa en op die bok sou dan 'n geelhoutbalk geplaas word, bywyse van 'n brug tussen die bok en die wa. Reg tussen die wa en die bok het twee lang pale ingeplant gestaan, wat verbind was deur 'n derde paal — dus net soos 'n besonder hoë breipaal. Aan die s.g. breipaal is reg in die middel 'n sterk riem of „strop" bevestig; sodat als die gevonnisde op die geelhoutbalk staan, dat die „strop" net lang genoeg was, om 'n kleine „val" toelatend,—om die nek kon kom.

So is die galg toe klaar gemaak deur ou oom „Bobbejaanpaal", op 'n plek nie ver van die „nuwe kerkhof", êrens tussen die plek en die ou Engelse Kamp ruwiene.

Vroeg op 'n more vóór 8 uur, denkelik ongeveer 7 uur,

het die gevonnisde dan op die gerigsplek aangekom, vasgebind op 'n stampwa, wat getrek was deur osse, omdat perde in die tyd maar bitter skaars was hierlangs. Pieterse met gebroke stem: „Maak tog nou maar dat dit gou met my op 'n end kom". Die gevange werd seker met 'n leer op die geelhoutbalk geplaas en vasgebind aan hande en voete. Die sweep word onder die osse gesit (en di osse van die dae het veel meer ingesit als by die van onse tyd) en met eens werd die balk onder Pieterse weggeruk en het hy gebingel aan die galg met 'n af nek! Net 'n paar trillings van sy lyf en — alles was verby. Dus: Pieterse die eeuwigheid ingeslinger! Die Gereg was netjies afgeloop! Pieterse se nek was net so goed afgeruk, sonder onnodige marteling, alsof hy op 'n behoorlike skavot met 'n „klep" gerig was.

Dit hout of pale, waaruit die galg samegestel was, bestaan vandag nog. 'n Familielid van die heer Jansen van Vuuren besit dit vandag nog in die vorm van 'n houte katel, wat gespaar gebly is in die oorlog. Die eienaar van die houtkatel is die heer Wilson, Holpan dist. Lichtenburg.

Opmerking. As daar misskien iemand onder die lesers is, wat aan hierdie of andere verhale van ons, op outentieke gronde, nog iets kan byvoeg, sal ons baie dankbaar wees om van hom te hoor. Soos gesê: dit het ons bietjie moeite gekos, om wat ons hier bovermeld het, aan die vergetelheid te ontruk.

Met 'n woord van dank aan die here van der Hoff, Lombaard en Steinhöbel vir informasie goedgunstig aan ons verskaf. Enige ander informasie oor ou Potchefstroom wat op waarheid gegrond is, sal ons dank erken en melding van maak.

DIE SKRYWER.

Potchefstroom 16 Oktober 1908.

## NASKRIF NOV. 1919.

Daar is dus al weer elf jaar by gesnel met al hul lief en leed, met al hull roerings en beroerings erger als ooit van te vore geken—en weer is daar onverwagte dinge oor ons hoofde gegaan—en „ons is nog daar" voor soverre ons nie weggeruk is deur meer als één oorsaak waarvan niemand in 1908 kon droom nie.

Intussen is daar meer informasie in die lig gekom, wat die skrywer als Naskrif tot sy oorsprinklike stuk van 1908 hier onder laat volg.

Eerstens verwys ons naar 'n oue interessante kaart van Potchefstroom wat in 1863 geteken werd deur C. Jeppe, en wat in die Stadshuis te besien is. Op die kaart kom die vier hoof strate van Potchefstroom voor, nl.: Rivierstraat, Kerkstraat, Bergstraat, Krugerstraat met hul dwarsstrate.

Verder kom als Pleine voor: Marktplein en Kerkplein en Oude Markt Plein tussen Retief en Maree strate aan Kerkstraat. Ook vier mooie tekenings van die vier voornaamste gebouwe in die tyd n.l.: die „Holl. Herv. Kerk, en drie winkels.

Voortgaande laat ons hier volg 'n verhaal van Pieter Olaus Anderssen geboren in November 1841 te Karls Krona in Sweden en wat met sy vrouw in vroeër jare saam met ander Swede uitgekom het om 'n arbeidskolonie te stig, — onder aanvoering van sekere Forssman — te Skandinavia aan die Vaalrivier. Die heer Anderssen, woonagtig, by 'n skoonseun, de heer P. Boshoff, van de Mooibank Settlements, verhaalde als volg: Ik het in Jan. 1863 hier aangekom o.m. met die Olen's se vader, onder aanvoering van C. Forssman en Magnus Forssman wat als predikant sou ageer. Die toestand in 1863 was so: hier was baie hartbeeshuisies en kleihuisse. Hier en daar was 'n baksteengebou in die dorp. Soos: die gebou van die Wesleyaanse Kerk waar nou Perrin se Produkte stoor is. Vlak daaragter was die Kefferkerk van 'n ou seker kaffer-predikant met die naam van „ou Dawid". Die Tronk was in daardie dae op die ou Markplein, (waar nou die Dopperkerk

staan) Mnr. Doyle se vader het daar dig by gewoon. Sekere Skikkerling het 'n klein winkeltjie gehad waar nou di; Central Hotel staan. Op die hoek van Kerk en Wolmaransstrate, waar nou die Crown Hotel is, was 'n klein kamertjie wat 'n kantien was. Digby die kantien was 'n huis met grasdak waarin sekere van der Berg gewoon het. Waar la Rachelle nou staan, was 'n woonhuis wat toe in besit was van sekere Venter. Op die hoek van die Kerkplein wat regoor die hoek van Kerk- en Potgieter strate is, het die Holl. Kerkie van daardie dae gestaan wat maar kleinrig was in daardie dae met 'n grasdak. Die posvervoer van daardie tyd het geskied deur kaffer-posbodes. Hulle het die poste gebring van Bloemfontein, Natal, en ander dorpe soos Pretoria, Rustenburg en Standerton, wat na ou Willie Standers genoem is. Daardie dae het meer als een Kaffer posbode versuip en weggespoel met possak en al. Ik weet van minstens vyf of ses.

Die Landdros-kantoor was waar hy vandag nog staan. Als landdroste het ik geken: Moll en toe Steyn e.a. waaronder 'n agerend landdros Grimbeek was. Sy plaas Elandsheuwel het oorspronklik behoor aan Hendrik Potgieter. Daar het toe 'n sekere ruiling plaas gevind toe die Ou Dorp verlaat werd en ou Potchefstroom aan die weste kant van die Mooirivier aangelê is.

Van die ou dorp weet ik alleen dat die meeste huise van tydelike aard was: hartbeeshuisies. Ik het self huise van die ou dorp gehelp afbreek. Als oorsaak van die verlaat van die ou dorp het ik gehoor: Hulle het die ou dorp eers daar aangelê, omdat die water daar die vlakste was om uit te haal. Maar die plek was sleg vir siekte onder die vee. Een van die huise wat ons in ou dorp afgebreek het onthou ik nog goed. Dit was 'n gebouw byna soos 'n Europese kasteel. Ons het minstens 10 bokvragte timmerhout daaruit gehaal. Sommige balke moes met 'n katrol gehys word. Dit was 'n huis van 'n seker Jan Steyn. Die mure was 100 voet lang x 40 voet en 3 voet dik van onder en bo -
duim breed. Die Olen's se vader en ik het probeer om mure, wat met wild velstroke aanmekaar verbind was.

om te trek met drie span osse. Maar dit was verniet. Ons moes kap en die klei mure was solied als 'n Kasteel in Europa s'n.

Van meules gesproke. Naas aan die woning van die heer C. Borcherds (waar nou die heer Johan Schutte woon) was 'n watermeul van sekere Henry Heinricks. Die Juhl-Nathanson meul, wat nou genoem word North Bridge Mills het eers behoor aan sekere Lodewyk Kruger.

Tydens die bestuur van president M. W. Pretorius het hier in Potchefstroom gekom, sekere Hoffmann wat kon praat soos Brugman. Naas aan Heinrich se meul het hy 'n wolwasry laat opsit nog vòòr hy sy waterregte daarvoor agtermekaar had. Hy het toe naderhand in 'n nuwe watervoor, wat hy ekspres daarvoor laat maak het, die nodige water om sy wolwasry in beweging te bring, gaat afkeer. Maar sekere bewoners had daar geen vrede mee nie. Hulle het die voor weer gau dig gemaak. En dit nog al deur met 'n paar spanne osse groot klippe in die watervoor te sleep. Hoe dit ook sy: die wolwasry het darem later 'n tyd gewerk en goed btaal ook. Maar toe het een en ander saamgeloop wat die saak in duie laat val het. Ik glo die redes was; die wol het baie gedaal, in prys ein die tye was verskriklik swaar. (Openm. van die Skr.) Misskien het die sware droogte van '63 en '64 daar ook veel mee te doen, so nie die Burger Oorlog van daardie selfde dae). Die hele saak is toe ander die hamer gekom en is vir £300 verkoop aan sekere Frederik Wolmarans. En die mense het nogal vertel dat Hoffman die Wolmassery opgesit het met £6000 wat hy van die Regering geleen het!*

Ik kan my geen skool onthou van seker meneer Van der Linden. (Opm. Die heer Anderssen het na v.d. L. se tyd hier gekom).

Van gebouwe? Wel die vroeëre Bombay House (naas Black en Co. was gedurende die Vryheidsoorlog van '80 en '81 die Kantoor van die Krygsraad. Die gebouw daar-

---

* Ons twyfel hier hard aan. Die Landskas van daardie dae kon dit nie bybring nie.—Skr.

naas (hoek Kerk- en Lombard Strate) nou Johnsons Bier Hal, was die vroeëre winkel van C. Forssmann. (Opm. In hierdie gebou was volgens Ds. Fick. Ds. Bosman van Pretoria in sy jong dae 'n klerkie en hier het Ds. Murray hom kom wegvat om te gaan studeer vir predikant....) In daardie dae was die prominentste bewoners onder meer: Engelse.

In die dae van '63 was die dorpsveld nog vol van wild: Kwagga's, Blesbokke, Blouw en Swart Wildebeeste, ens. ens. het hier gekrijoel. Ook het hier toe nog geboer honderd leeuws. Hulle boerplek was by Vyfhoek waar vroeër ou Kaptein Bayley gewoon het; (n.l. aan die Oost syde van die Mooi reg oor die Johl-Nathanson meul). Daarvandaan is hulle verdryf tot by Elandsfontein (van die Pienaars) En toe dit daarlangs ook later voller bewoon werd deur witmense is die leeuws toe vir die laaste keer Noord-weswaarts verdryf tot by Leliefontein aan die Noord Westelike grens van onse distrikt.

Naby die teenswoordige Proef Boerdery was n ou pannekie wat in later jare die naam gekry het van ,,Runderpes-pannekie. In die ou tyd was dit daar nog woes. En daardie ou pannekie was die drinkplek van die wild en gevolgelik ook die voorlê-plek van die wildskuts. Eenmaal het die wild helder oordags deur die dorp kom loop om deur sekere vlak plekke van die rivier, regoor die Dopper Kerk of ou Tom Scorgie se vroeëre winkel die rivier deur te gaan. Hulle deurloop plek was daar in die buurt, waar die rivier nie diep was nie, by plekke. By daar die deurloop-plekke het ons baie maal ongeveer 50 tot 60 stuks wild versuip en doodgeslaan. Want, u moet weet, geld was baie skaars en kruit was duur, Geld was baie skaars en kruit was duur. Kruit se prys was £1:5:0 vir 'n vyf pond sakkie en 25/- was daardie dae baie geld en dit was erg swaar om daaraan te kom. Bo langes die Mooivirier (ongeveer regoor Welverdiend junksie, Skr.) het 'n Kleinhans by een van die bowenste oë van ou Mooirivier gewoon. Nou daar by Kleinhans het ons ons lood gaan haal. Ik ken die plek goed, want dit is hier waar,

die pad van Ventersdorp naar Johanneburg, deur die Mooirivier gaan.

Eén Blank poliesie het ons gehad in die persoon van „ou Jan Arnoldus Schout'' — sy van is my ontgaan. Daar was omtrent 50 tot 60 kaffer-polisie wat van Machawiestad herkomstig was. Daar was eenmaal 'n geskiedenis in verband met die ontsnapping van 'n gevangene, wat vir strafbare manslag beskuldig was, waarin hierdie kaffer-polisie en perskie-brandewyn 'n groot rol gespeel het. 'n Sekere Engelsman, Tom Brown, 'n messelaar, had 'n kaffer-handlanger van hom met 'n „dwarshout'' doodgeslaan. Hy werd toe in die destydse tronk geset, wat gestaan het op 'n plek naby die vroeëre Boumans Brouwery. Dit was 'n kamertjie wat ik self van bakstene opgetrek het om vry te kom van kommandodiens in 'n Kafferoorlog êrens in die Noorde van die land. Tom Brown wou desnoods sy straf ondergaan, maar ons was 'n seker klompie dorpsmense wou daar niks van hê nie. Hy sou ontsnap en 'n seker kliek sou hom daartoe in staat stel. Op 'n seker nag het ons die Kafferpoliesie, wat die tronk met die gevangene moes bewaak — dertien in getal, — die een na die ander onskadelik gemaak met perskie-brandewyn. Ons klomp het toe 'n gat deur die tronk se mure gemaak — die bakstene was nie van goeie kwaliteit nie — en Tom Brown in vryheid gestel. Sy kanse om te lewe en vry te kom was maar swak. Ons het hom toe van 'n perd, saal en toom en wat nodig was, voorsien. Tom Brown wou nie eers wegvlug nie. Maar ons het hom geforseer. Die slot van die saak was; hy het oor die Vaal-rivier gevlug en het later in Winburg O.V.S. 'n ryk man geword.—

End van die stuk van

Mnr. Anderssen.

Enige fragmente uit die skrywer se m.s. van „Andries Hendrik Potgieter.''

a. „Uit Cachets Worstelstrijd der Transvalers kan op bl. 271 als volg gelees word: „In Silver's Hendbook to South Africa'' staan als volg te lees: „De naam Potchef-

stroom is een vreemdsoortige samenvoeging der namen Potgieter, Scherf en Stockenstroom, populaire personen onder de Boeren Republieken''. ,,Deze populaire Scherf en Stockenstroom is onbetaalbaar'' sê Cachet verder.

a. ,,In Moody''s Battles etc. in Southern Africa Deel II lb. 250 kan 'n dergelike vermaaklikheid gelees word. nl. als volg: ,,In 1839 Potgieter established the village of Potchefstroom, called parlty after him and partly after Van der Chef (!) and partly after the beautiful river on the banks of which the village was laid out'' etc.

c. Op bl. 139 van voormelde m.s. staan onder meer te lees: ,,Andries Hendrik Potgieter was in November 1838 hoogswaarskynlik nadat hy eers sekerheid bekom het van A. W. J. Pretorius se aantog en die van sy medekoloniste wat saam met hom aan die kom was om Dingaan se mag te kom breek—was van Sandrivier weer Noordwaarts.

Die jaargety was nou ook veel gunstiger om op nuwt te gaan trek. Of hy direk van Sandrivier naar Moorivier deur getrek het kan ons nog nie met sekerheidkonstateer nie. Omtrent die tyd wat hy aan Mooirivier aangekom het, bestaan ook verskil. Ons hou ons egter ook weer hier aan wat Theal o.m. sê: ,,Potgieter leaves Natal in May 1838 and in November (1838) settles on the banks of the Mooirivier and fouds the town of Potchefstroom.''

Als Potgieter b.v.b. by Suikerboschrand omgetrek het in Nov. 1838 en van daar uit 'n geskikte plek gaan soek het dan kon hy onmoontlik al in hierdie maand aan Mooirivier kom staan het. O.i. het hy al by 'n vroeëre geleentheid — hy was b.v.b. in begin 38 van Suikerboschrand naar Natal gegaan om te gaan help teen Dingaan na die Februarie-moorde — die plek vir die eerste dorp ten Noorde van die Vaal kom kyk. Hierdie nedersitting van November 1838 en die eerste aanleg van ou Potchefstroom, het, soos elders in die m.s. blyk — nie gelyktydig plaas gevind nie. Die Trekkers het hier bo aan die Mooirivier ongeveer 5 of 6 myl ten Noorde van onse stad, gaan staan, waarnou ongeveer Witstinkhoutboom en Suid-Koloniesplaas lê, dus iets noordeli-

ker als b.v. Klington-Siding.* Die mielie- en pompoensaaityd en die tyd van groente tuine was daar en die mense was al enige jare agtereen aan die trek gewees. Dit was dus snaaks dat so spodig moontlik „saad-goetjies" in die grond moes kom. Daarom moes dit plaas vind op 'n plek waar gouw en gemaklik water uit Mooirivier kon gelei word.

Op die plaas Witstinkhoutboom is nog te sien die moot van die eerste en tweede Voortrekkersdamme wat in 1839 en kort daarna in die Mooirivier gemaak werd. Destyds het die mense nie al te groot lande aangelê nie. Die tye en omstandighede was daar voor nie geskik nie. 'n Klein stuk kie koorn ens. werd gesaai en... die seen was daarby en... daar werd genoeg koring vir brood gewen! Op die voornoemde plaas Witstinkhoutboom het Potgieter sy eerste aanleg gemaak. Daas is vandag nog die laaste spore van sy handewerk te sien in die vorm van 'n langwerpige kamer, waarvan die mure dertig duim dik is en 'n moerbei en 'n appelboom, deur hom self geplant. Potgieter had 'n huis naar die eise van die tyd. Die afmeting was sewentien voet x vyf-en-veertig voet buitewerk.

Die stewige mure van dertig duim kan vandag nog ewe gaaf gesien word. Die hoogte was 12 voet en die gebouw was so sterk als 'n kasteeltjie. Terwyl die huismure nog gebouw werd het 'n seekoei een nag daar kam skuur Hy het egter nie veel skade uitgerig nie maar het tog baie onaangename afwerpsels agtergelaat. Die huis was vir die grootste deel bevuil met sy agterlatings wat hy ekspres teen die kalfklare mure uitgewerp het en ooral was diep spore getrap. Voor die huis was 'n groot vrugte boord aangelê deur Potgieter, waarvan hy seker self maar min vrugte van geniet het. Dit moes 'n tuin gewees het van minstens 'n morg grootte en dit word verhaal dat selfs nog tydens die lewe van Pres. Kruger jaarliks van die eerst pitboom perskies naar die President se huis gestuur werd omdat daar geen beter bekend was.

* Vraag: Waarom Klington daar die naam Koloniesplaats van historiese oorsprong is.—Skr.

Van die tuin bestaan nog net een Perskie- een moerbei- en een appelboom. Die overgeblewe perskie- en appelboom se vrugte is onoortrefbaar wat sappigheid en superioteit betref en is 'n sprekende bewys van die feit, dat die Voortrekkers baie maal vrugte in land gebreng het waarvoor niemand hom hoef te skaam nie.

Hier op die Ou Dorp is toe teen die einde an '38 en in '39, '40 en half '41 toe gesaai en geplant. In 1841 was die eerste ou dorpsvoor van Potchefstroom of Mooiriviersdorp of Vryburg, klaar gekom en in hierdie jaar n.l. 1841 is die Ou Dorp toe verlaat vir die egte ou Potchefstroom waar ons Potchefstromers nou woon en vir wie ons 'n lekker, warm plekkie in onse harte het.

Genl. Potgieter het, — hoewel hy ook nog 'n veeplaas aan die Oostekant van die dorp had, n.l. die plaas Hartebeestfontein van die heer Grimbeek, — hoogwaarskynlik in sy kasteelhuisie op Witstinkhoutboom bly woon. Immers: ons werd verseker: „byna al die papiere van die eesrte jare van die Republiek is in daardie huis op Witstinkhoutboom geskryf" en — bowedien in 1842 het Potgieter Ou Dorp en Potchefstroom verlaat vir Buffelshoek ten Weste van Rustenburg onder teen die hange van die Magaliesberg. Voor sy vertrek naar Buffelshoek is sy tweede vrouw, Helena E. Botha weduwe du Plessis hom ontval nadat sy hom 'n dogter in Meil 1841 geskenk (misskien ten koste van haar lewe). Hierdie dogter is die „tante Dorothea" van onse m.s. Andries Hendrik Potgieter.

A. Enige aanhalings uit Ds. M. L. Fick se voorlesing van onlangs.

„Ons dorp is beroemd voor meer dan een ding. Beroemd voor zijn watervoorraad. Ons dorp is ook beroemd voor zijne uitgestrekte dorpsgronden, van sowat 25,000 morgen. Na alles wat reeds afgenomen is voor militaire en landbouwdoeleinden blyft onze dorpsmeent nog de grootste in ons land...... En ook munt ons dorp uit in vruchtbaarheid van bodem...... Ook is ons dorp beroemd voor zijn groote uitgestrekt-

heid in vergelyking met zijn bevolking van 10,000 blanken en 1000 naturellen en gekleurden. Opm..

Maar wat os dorp bovenal beroemd maakt is het feit dat het is het oudste dorp van Transvaal.... Uit de oude Notulen van een Radsvergadering gehouden op het oude Potchefshtroom en gedateerd 26 November 1841 lezen wy: De raad heeft besloten van hier te verplaatsen naar de plaats van de heer R. de Toet (du Toit) aan de Westzijde van Mooirivier onder bestier van den heer P. F. Strydom. Het oude dorp moest dan gelegen hebben aan de Oostzijde van de Mooirivier''.

Opmerking: Ons glo nie dat hierdie bewering van Syn Eerw. heeltemaal korrek is. Die Ou Dorp het aan al twee die oewers van die Mooi gelê. Sien in verband hiermee onse beskrywing van Potgieter se kasteelhuisie en ou meneer Andersen se stuk, waarin hy verhaal dat hy en die oue heer Olen 'n ander kasteel huis aan de Wesoewer en later jare afgebreek het.

En op lb. 14: ,,Potgieter heeft een eerezuil verdiend. Met al die fouten en gebreken van dezen grooten stichter van ons dorp. zal het toch uitstekend wezen als er meer van den geest van Andries Hendrik Potgieter gevonden werd op het dorp naar hem genoemd. En het zal uitstekend wezen als de bewoners van Potchefstroom een gedenkteken van hem hier willen oprichten.

Opmerking. Dat genl. Potgieter meer foute en gebreke had als sy tydgenote glo ons nie, hoewel hy ook maar 'n mens van gelyke bewegings als onsself was. Wat Ds. Fick vermoed op bl. 9 van sy boekie van die doorsyfering in Potgieter se voordeel deur olifantstanden, hoop ons metterdaad te weerspreek deur ons boek oor hierdie ,,grote, vergete Voortrekker'', wanneer die sal verskyn. Wat betref 'n monument vir Potgieter in onse stad wat naar hom genoem is, verwys ons die leser naar ons bowegemelde boek, wat hede nog helaas maar als m.s. bestaan.

Verder sal Ds. Fick se boekie hierdie skets van onse hand op meer dan een plek bevestig. Dit sal interessant wees om hierdie twee stukke naas mekaar te lees.

Van die heer Daantjie Van Graan van Witrand het ons die volgende interessante korte mededeling gekry. Hy het verhaal als volg:

,,Van die eike bome agter die kantoor kan ik u die volgende vertel. Toe my vader in Potchefstroom uit die Kolonie aangekom het was ik 'n seun van omtrent 9 jaar oud. Dit was dus ongever in die jaar 1863, dat wy vader my, kort na onse koms alhier op 'n dag 'n paar skoene gegee het om aan Mevrouw Pretorius, die vrou van President Pretorius te gaan bring. By haar agt rdeur had sy en 'n kaffer toe net die eike geplant — drie in 'n ry en een opsy. Toe ik daar kom met die paar skoene toe sê sy aan my: My seun, vat hierdie emmer, loop haal water en gooi vir tante die boompies nat.'' Ik het dit toe gedoen, en het van toe af altyd so veel belang in die eikeboompies gestel, dat ik hulle groei altyd nagegaan het, totdat hulle groot bome geword het. Mevrou President Pretorius, aan wie ons dit vandag te danke het, dat die eike bome daar staan, was 'n nooi Smit en 'n suster van veg Generaal N. J. Smit.

Verder het my skoonader, wyle Johannes Botha, my nog iets verhaal uit die ou dae se geskiedenis. Op die plein waar die Dopperkerk staan — die Oude Marktplein Skr. — het die skutkraal gestaan. Die gate op die plein wat hulle nou — Jan. 1920 — besig is om te vul en wat al jare daar te sien was, het hulle ontstaan te danke gehad aan die feit dat die grond waarvan die klei mure van die skutkraal opgetrek was, daaruit gehaal werd. Kort na die stigting van Andries Orighstad deur Hendrik Potgieter het hier in Potchefstroom 'n soort klein rewolusietjie gekom. Hier was 'n klein klompie ratdraaiers wat hard probeer het, om in troewel water vis te vang. Hulle wou namelik die bestuur van sake in die hande kry. Hendrik Potgieter het dit te hore gekom en sy wa daar in die Noorde ingespan en naar Mooirivier Potchefstroom toe gekom. Die mense het gehoor van sy aankom en het gewapend in die skutkraal vir hom gaan sit en inwag. Skietgate het hulle deur die klei-mure kemaak en so die voorman ingewag. Pot-

gieter het geweet dat hulle in die skutkraal hom voorlê. Maar wat doen hy? Wel, hy gaan sy wa in die suidweste hoek van die plein ongeveer waar die twee groot eikebome in die een hoek van die plein staan, uitspan. Hy gee toe ewe kalm order om vuur te maak. Toe is daar koffie gemaak en...... Potgieter en sy mense het doodluiters hulle gewone gang gegaan. Hy het sy veldstoeltjie geneem en ewe kalm gaan sit en koffie drink, terwyl die samesweerders al die tyd in die skutkraal sy koelbloedigheid sit en aanskuw. Naderhand het die kalmte van Potgieter so op hulle gaan werk, dat hulle streep-streep en koets-koets die skutkraal, die een na die ander verlaat het! En toe was dit uit met die rebellie gewees. (Opm. van die Skr.. 'n Mens denk by hierdie stille innerlike kragsbetoon van Potgieter, waardeur hy so stil en kalm, maar fier kon optree aan die episode uit President Kruger se lewe toe hy by die skermutseling aan die Krokodilrivier, tydens die Burgeroorlog, ewe stil en bedaard aan sy geweersteen kon sit en werk, terwyl die twee partye aan skiet was op mekaar.

VII. Van die tyd en die Burgeroorlog kan ik my nog herinner, dat die Staatslaer se kanon gestaan het waar nou mnr. Luyt'ngh woon en die Volkslaer s'n naby die Katbos wat dig by die eerste gebou—van die Noordbrug se kant gereken — van die Theologiese Skool staan. Die moot van die skansmure is nog duidlik te sien.

Kort voor die dood van Mevr. Borrius, vir omtrent 'n jaar gelede, het ons — die Skrywer — die eer gehad om van haar, namens die Transvaal Museum te verkry en te verstuur naar Pretoria, 'n kas ou koerante waarin interressante dinge en voorvalle geboek staan. Die oudste koerant was The Transvaal Advocate van die jaar 1869 wat in die eerste jare meer Engels als Hollands was en wat later vergroot en verbeter uitgekom het onder die nuwe naam ,The Transvaal Advocate en Commercial Advertiser.'

Laat ons, leser, een en ander afskrywe uit die ou muffige nuwsblaaie en, sodoende hier en daar enigssins die

sluier oplig van ou vanmelewe se tye en toestande. En onder die lese sal ons onwillekeurig meer als een maal voel dat ou Salomo heeltemaal korrek was om te sê: daar is niks nuws onder die son nie."

Die heel eerste bladsy lê voor ons oop. Die krant is 14x22 duim groot. Die naam is The Transvaal Advocate. Net onder die naam staan die woorde: Nothing extenuate, nor aught set down in malice". „Verklein ook niet,. nog schryf iets neer in boosheid". Dan volg onder.

Potchefstroom, Tuesday Dec. 28 1869. No. 32.

No. 1 is 'n „Gouvernements Kennisgeving No. 146 d.d. Oct. 1869 re „onvoorsiene vertraging in de aankomst der machine enz. voor het drukken der postzegels, zoo zullen ze op 1 Januarie 1870 niet kunnen worden uitgegeven" ens.

No. 2 Idem. „De ondergeteekende maakt hiermede aan de verschillende Postmeesters en belanghebbende in de Z.A. Repb. bekend dat de ten myne kantore ingezondene tender van de heer Jan Samuel Joubert, te Potchefstroom, voor het wekelyks vervoer van den post per kar, tusschen Potchefstroom en Pretoria, door Z. H. Ed. den Staatspresident is aangenomen, en dat volgens contract het vervoer zijnen aanvang zal nemen op Woensdag den 2den Januarie 1870. Het vervoer is bepaald als volgt:

Verlaat Potchefstroom Woensdag 12 uur 's middags en moet te Pretoria arriveren Vrydag's morgens 8 uur.

Verlaat Pretoria Zondag's morgens 10 uur en moet te Potchefstroom arriveeren Dindsdag's morgens 8 uur.

(Hand) De Post wordt EEN UUR voor het vertrek gesloten.

De Postmeester Generaal,

Fred Jeppe.

Gem. Postkantoor, Potchefstroom.

21 Dec. 1869.

(Vraag van die skrywer: Waarom op Sondag uit Pretoria en sou sulks ooit kon gebeur het als Potgieter of A. W. J. Pretorius nog in lewe was?)

Dan volg 'n vir ons dae baie wonderlike kennisgewing:

**£10 Beloning.**

De ondergeteekende bied hiermee Tien Pond belooning aan eenig persoon welke hem kan informatie geven, wie onlangs twee van syne brieven mogt geopend hebben, want hy heeft ze te Marico open ontvangen.

H. Sepkin.

Potchefstroom 17 Dec. 1869".

En dan volg, wat 'n mens glad nie sou verwag nie van daardie dae se tyd:

**Municipale Kennisgeving.**

Het Municipaal Bestuur alhier, herinnert door deze dat, overeenkomstig Art. 2 der dorpsregulaties, op den 11den January 1870 de navolgende heeren als Commissarissen der Municipaliteit aftreden: C. Landsberg, F. W. Reid, A. I. Munnich, P. F. Pretorius, F. J. A. Grimbeek Sr. en A. F. Schubart. Stemgerechtigdeburgers worden a-l zoo uitgenodigd hunne stembriefjes voor 7 Commissarissen in te leveren ten Kantore van ondergetekende voor Woensdag 29sten dezer. Geene andere personen zullen verkiesbaar zijn dan die welke den ouderdom van 21 jaren hebben bereikt en een onbelemmerd vast goed bezitten van minstens £300 waarde.

J. A. Grimm,
Secretaris

Municipaliteits Kantoor
14 Nov. 1869.

No. 4 is die volgende:

**Notice.**

The undersigned begs to notify to parents that the school will be reopened on Monday the 10th January 1870 at 9 oclock.

F. Ludorf.

En dan volg dieselfde advertensie in Hollands.

In 'n ry halfkolom advertensies kom 'n „Kerkelyke

Bekendmaking van Ds. J. P. Jooste voor van „Kerkdiensten in Marico en by de heer H. Engelbrecht in het Boschveld op Zondag 23 Jan 1870."

En daar vlak onder dit: Superior Syrup of Lemons Manufactured from the Trans-Vaal fruit. This Syrup is of superior quality and grateful flavour, a table spoon full added to a tumbler of water will be found an agreeable beverage ens. ens.

Town and country supplied at the lowest rates for Trans Vaal Notes by the Manufacturer.

H. DONOGHUE.

Opm. Hierdie advertensie het nie lang aangehou verskyn nie. Die „Town en Country en Trans Vaal Notes" het seker laat teleurstel. Maar wie het vandag onder beter omstandighede die moed en ondernemingsgees van H. Donoghue, wie, ja wie?......

En dan volg 'n ander hoogdrawende advertensie.

**Notice.**

The London and Limpopo Company, Limited is prepared to supply Miners, Travellers, and Hunters, with every description of Goods for Cash or in Exchange for Ivory, Feathers and other Colonial Produse.

D. M. Kisch.
Gen. Manager and Secretary.

Tati River, or Victoria Gold Fields, May 20st 1869.

Onder die Geboorte en Doodsberigte kom een voor in Engels: „Birth at Bloemhof Mrs. W. A. Krige of a son" ens. Daarop volg 'n Doodsberig in Hollands van den Wel Ed. Heer Cornelis Potgieter, Landdrost te Lydeburg". Hierdie advertensie is gedateerd: Nazareth 23 Nov. 1869. (Dus: Middelburg Tvl. werd toe nog Nazareth genoem. Skrywer).

En nou volg op bladsy twee, die Hollandse del van die krantjie „De Transvaal Advocate. Sonder aankondiging of

hoof volg dan Algemeen nuws, wat ons beknop die hoofde van opskryf.

1. 'n Berig oor „Japansche romanschryver" wat net 'n roman klaar gekry het waaraan hy 40 (sê veertig) jaar aan gewerk het. Die werk het bestaan uit 106 dele.

2e. Iets oor die Volkstelling van Parys (Frankryk.)

3. Oor 'n aardbewing in Namaqualand.

4. 'n Wonderlike verhaal oor die Egiptiese mummies.

5. Berig van Dr. Livingstone; brief d.d. 8. Julie 1868 van Oorspronge van die Nyl.

6. Besoek Keiserin van Frankryk te Konstantinopel.

7. Iets oor die „Nasionale schuld van Amerika". (Ver. Staten.)

8. Re 'n rewolusie in Brazillie.

9. Aardbewing in Peru en Wes Indies.

10. „De afgeloopene week zijn onze tuinen alle door de sprinkhanen vernield geworden. Ofschoon meest elk nog wanhopige pogingen aanwendde om te keeren, bleek het spoedig dat menschelyk krachten daartoe te kort schoten. Ook in de huizen drongen ze en vernielden vernstergordynen en kledingstukken, doch, voor zo verre wy vernamen ontzag hun woede de chignons" (!!) (Soe, daardie chignons! Wat 'n kostelik kykie van die ou tyd. Skr.)

11. re Aartsdeken Merriman.

12. Bericht over Hoffmans Reisgezelschhap".

13. Goudmynen van Nieuw Zeeland.

14. Afgoden op Madagaskar.

15. Per telegram bericht uit Parys d.d. 25 October re Zamenzwering ontdekt in Parys.

16. re Dood van Landdrost Potgieter van Lydenburg. Als 'n opvolger word ter selfde tyd aangeprys de heer A. F.. Jansen, landdrost-klerk alhier, ens. ens.

17. 'n Berig uit Amerika oor 'n „gallery voor schilder en beeldhouwwerk aan het Instituut te Baltimore."

En nou begin die derde bladsy van die krantjie, wat

die leser het dit seker lang al opgemerk — nog al baie verskeidenheid aanbied.

Die eerste stuk is "'n korrespondensie van 'n seker Potstefstroomse ,,Burger". Hy lug sy hart en gee sy tevredenheid te kenne dat 'n seker ,,onderwyzer van die jeugd — met sy klere en al — geteer en geveer moes word weens 'n vergryp teen die destydse fyne eerbaarheidsgevoel. Die stuk is getittel ,,Sint-Nikolaas Grap" en o.m. word gesê: ,,'n zeker onderwijzer der jeugd al' 'er des avonds een fluks pak ransel heeft gehad en ook goed getheerd is, hy is sonder eenige schaamte, maar wy denken toch dat hy de kleeren die ook goed getheerd zijn, niet weder zal aantrekken...... het doel is volgens ons denkbeeld dit, dat de onderwyzer der jeug, de jeug voorgaat in het liefhebben van huizen waar dat de mans niet thuis is en wat het schandelikste van die man is, dat zijn vrouw die doodelyk ziek is zoo dan ook maar aan haar lot overlaat, en om hem dat af te leeren hebben ze hem een goede les gelezen, dat wy moeten bedenken van die menschen braaf gedaan is...... Wij hopen dat deze medicynen goede uitwerking hebben gehad.

Burger".

Ons is nog met bladsy 3 van die krantjie van 28 Dec. 1869 besig. Engels is nou weer aan die beurt in 'n soort Local and General News kolom.

Die eerste berig lui: Chrismas was enjoyed here" en dan word van Nagmaal verhaal en die inbring van baie nodige produkte van die plase.

Berig No. 2 The coming Races on Tuesday next" daaroor geskied mededelings.

Berig No. 3 berig oor ,,The officers of militia" wat ,,responded to the call of Mr. Steyn and his committee" erg onduidlik sonder 'n verband of aansluiting.

Berig 4. Mr. Burril sen. and a party of five Australians left here on Monday for the Tati Godfields).

5. Berig (in Engels) dat Goewerneur Keate op 13 Julie e.v. op Harrismith sal wees oor grens geskille.

Nog Bladsy 3. Verrigtings in Engels re Supreme Court of Potchefstroom versus Joseph Ludorf en William Williams editeur van die Advocate re beskuldiging van Injurie naar aanleiding van twee inleidings artikels in Augustus 1869, waarin die President, die Volksraad en die Goevernement van hierdie staat werd gehoond, ens.

Bladsy vier. Bowe To be continued n.l. die bowestaande saak. Opm. Williams het gouw hierop plek moes maak vir Southerford en het getrap oor Vaalrivier.

1 Advertensie ,,Holloways Zalf en Pille''.

1 Advertensie ,,Potchefstroom College''.

Elemantary Class English. (Elements of Grammar, — Reading — Spelling — Arithmetic, (Elementary Rules). Writing — Gymnastics — Religious Instructions. (sic.)

**Middle Class.**

Enlish Subjects (Grammar — Reading — History — Geography — Arithmetic — Writing — Gymnastics — Religious Instructions.

**Advanced Class.**

English (German—French and Latin Languages (if desired) — Arithmetic (Theoretical and Practical) Elements of Algebra and Geometry – History, — Geography — Gymnastics — Religious Instructions.

**Terms per Annum.**

Elementary Class £6.
Middle Class £8.
Advanced Class £12. ens. ens.

F. Ludorf.

Potchefstroom Sept. 17 1869.

En hiermee is onse kennismaking van die krant van 28 Desember 1869 — dus presies van 'n halwe eeuw gelede — uit. Uit die volgende No., die van ,,4th January 1870'' noteer ons die volgende.

Op die Hollandse kant van die Advocate staan o.m. te lees:

**De Transvaal Advocate.**

In het dorp £1:5 per jaar. Toegezonden binnen den Staat £1:10:0 Voor enkel copy 1 sh. Office. F. Ludorf No. 8 Retief Street, Potchefstroom.

2. Advertentie: Lyst Onafgehaalde brieven.
3. Advertensie re Opening van Skool op 10 Januarie 1870 word herhaal en uitgebrei, nie meer deur die onderwyser Ludorf, maar wel deur die Voorsitter en Sekretaris van die Schoolkommissie, wat seker die onderwyser hierin als onbevoeg om handelend o pte tree beskou het. Die Skoolkommissie adverteer dan ook in die Landstaal in teëstelling met Ludorf.

Die advertensie lui:

,,Gouvernements School. Wordt by deze aan ouders en voogden bekend gemaakt dat het onderwys op de Gouvernements School op Maandag 10 Januarie e.k. weder zal aanvangen. Onderwys zal gegeven worden in Hollandsche en Engelsche Talen — Schyven — Rekenen — Aardrykskunde en Geschiedenis. Zy die verlangen kinderen naar de Gouvernements School te zenden worden verzocht daarvan aangifte te doen by den Voorzitter der Plaatselyken School. commissie. Het geld voor Leerlingen: Beneden de 12 jaren bedraagt 2/6. Boven dien leeftyd 3s. 's maands; maandelijks zal hetzelve geregeld aan den Hoofd Onderwyzer worden betaald ens. ens.

Namens de Plaatselyke School Commissie van Potchefstroom.

A. M. Goetz, Voorzitter.
A. F. Schubart, Secretaris.

Opmerking. Vir die kennersoog vertel bowestaande advertensie verskeie sake van belang. En waar ou Potchefstroom vandag so 'n belangryke sentrum van Onderwys is, daarom het ons dit hier meegedeel.

Uit ,,The Transvaal Advocate" van 1 Maart 1870 kan opgemaak word dat sekere R. Rutherford nou editeur is

Onder Marktpryzen van 21 tot 26 Februarie kom voor: Meel 66s. tot 75s. Havergerven 40s. tot 45s. per 100. Hoenders 2/6 stuk. Brandhout 24s. tot 50s., Aardappelen 18s. tot 20s. Brandewyn per halfaum £18. Veldschoenen 10s. tot 14s., Spek 1/6 per lb. Koorn 70s. per mud. Uyen 15s. do."

In die No. van 14 Junie 1870 kom 'n groot advertensie voor wat 'n Breeë kolom of die hele tweede helfte van die voorpagina beslaan. Die ekstra groot Advertensie adverteer ,,The Potchefstroom Races Thursday 16 and Friday 17 June next." Vyf verskillende soort wedrenne word geadverteer. Die Sekretaris is sekere J. H. Roselt.

Onder die ,,Local and General News'" word meegedeel dat ,,Peach Brandy is 18sh per bottle at Pretoria and Common Cape wine 30 sh."

...'n Advertensie kom voor als volg: Royal Hotel Potchefstroom, formerly ,,The Royal Oak" G. H. Coulson Proprietor."

In die No. van May 24 1870 adverteer ,,The Bloemhof Turf Club" dat ,,the Autumn Race Meeting" sal plaas vind o p,,Monday 6th and Tuesday 7th June. Die grootte van die advertensie van die ou dorpie wat destyds seker geen twintig huise getel het is net so groot als van van die bowestaande soortgelyke advertensie van tien dae later op Potchefstroom.

Verder kom in hierdie No. voor 'n advertensie wat lui: ,,Copy van Vonnis in zake Frans Lion Cachet versus W. C. Hollard: Hollard een Honderd Ryksdaalders of £7:10, ten voordeele van 's lands kas voor het bezigen van lasterlijke en eerschendende uitdrukking ten opzichte hvan het karakter van genoemde Frans Lion Cachet Leeraar by de Ned. Geref. Gemeente Utrecht Z.A.R.

In die No. van 12th April 1870 skryf 'n korrespondent van Utrecht Z.A.R. onder meer:

Second Best News. The Revd. Kid has ascepted the

call of some inhabitents of this districts, to undertake the Ministry of the Gospel and has arrived here with his family; but owing to certain very orthodox fanatics or maniacs or both, he will, I fear have to leave this place for a place better suited to his guiltlesness".

In dieselfde No. kom nog o.m. die volgende advertensie voor:

**Photographische Kamers:**

Portretten worden dagelyks genomen naar de niuwste styl en op de billykste termen aan de Portret kamers van H. Donoghue, Kerkstraat.

Die week later kom weer 'n wonderlik stukkie voor in ,,The Poets Corner" ,,,Perhaps it may be said of our good town Potchefstroom also ,,de te fabula narratur ' after perusing the following. Uitenhage is not free from ,,the peculiarities which are to be found of we may judge from the fact the the following poem appears as an advertisement." Ses verse van 8 reëls waarvan ons vier hier laat volg:

,,Oh could there in this world be found
Some little spot of happy ground,
Where village pleasures might go round
Without the village tattling!
How doubly blest that place would be
Where all might dwell in liberty.
Free from the bitter misery
Of gossips endless pratling:

If such a spot were really known
Dame Peace might claim it as her own
There like a Queen might reign and live
While everyone would soon forgive,
The little slights they might receive
And be offended never.

.....................................................

.....................................................

T is mischiefmakers that remove
Far from our hearts the warm of love,
And lead us all to disapprove
What gives another pleasure.
They seem to take ones part but when
They ve heard our cares, unkindley then
They soon retail them all again
Mixed with their poisonous measure.

And then they've such a cunning way
Of telling ill-meant tales: they say,—
,,Dont mention what I've said, I pray,
I would not tell another!"
Straight to your neighbour's house they go
Narrating everything they know.
ens. ens.

Onder: Local and General News word 1ste vertel dat ,,a Gricket Matche takes place to day. North versus South." 2e ,,The trial of Laurens for murder of his father-in-law had concluded at Pretoria after several days sitting. The Verdict Guilty, the Sentence Death. It would seem that the public voice fully endorses the justice both of the verdict and sentence on the unhappy man." N.B. In die Advocate van Junie 7the 1870 word gemeld: ,,The unfortunate man Laurens was executed at 10 oclock on Thursday last."

Verder word meegedeel onder ,,Local and General" van 24 Mei 1870 'n verslag van 'n opvoering van ,,The Mirandah Harper Co" en dan eindig die stuk ,,some (van die gehoor) we are told so fa r forgot themselves as to smoke in the room etc. All this, to say the least of it, was very bad taste."

Die No. van 5 April 1970. (Hollandse gedeelte is nou al 'n tydjie tot No 1 gepromoveer — bl. 2 — en die Engelse kom nou op die derde bladsy. Die Inleidingsartikel gaan oor: ,,De Begraafplaats". o.m. word geskryf: ,,Met vreugde vernemen wy, dat er krachtige pogingen

worden aangewend, om eene groote schande van onse hoofdstad, waarover veel gesproken en gedacht is, weg te nemen," ens. ens. En aan die end: ,,Wy zijn verheugd te zien dat de nu aangewende pogingen door den Heer Poortman en anderen, die de zaak ter harte genomen hebben, met goede uitslag geschieden...... en zijn blyde te kunnen melden dat tot nu toe, voor ongeveer £250 ingeschreven is. Wy meenen dat ongeveer £300 benoodigd is"

In dieselfde krant word ook nog melding gemaak van die ,,Bezoek van den Gouverneur van Quilmane te Rustenburg met welkoms adres van den Landdrost P. J. van Staden en het wederantwoord des Gouverneurs."

